- 1.1.7 Bereken die ontbrekende waarde **C**. (2)
- 1.1.8 Gee 'n rede waarom 'n bedrag van 3 sent van die rekening afgetrek is. (2)
- 1.1.9 Rekeninge wat teen die betaaldatum steeds nie betaal is nie, is onderhewig aan rente teen 'n koers van 10% per jaar, maandeliks saamgestel. Neem aan dat hierdie rekening eers op 15 Desember 2015 betaal is.  
Bereken die totale bedrag betaalbaar, rente ingesluit. Toon ALLE berekeninge. (5)
- 1.1.10 Die skool het 'n kennisgewing van die munisipaliteit ontvang dat die voorgestelde verhogings vir 2016 soos volg sal wees:
- Alle basiese heffings sal met R50 per maand styg.
  - Die tariefverhoging per kWh vir 2016 sal 12,2% wees.
  - Die kVA-tarief sal onveranderd bly.
- (a) Bereken die driefase- kommersiële heffing vir 2016. (2)  
(b) Bepaal die nuwe tarief per kWh vir 2016. (3)

1.2

Die Makiti Munisipaliteit het hulle finansiële state gepubliseer vir die jaar geëindig Junie 2013 en Junie 2014 vir verskillende departemente van die munisipaliteit, genoem A tot G, soos in TABEL 1 hieronder getoon.

**TABEL 1: FINANSIËLE PRESTASIE VAN DEPARTEMENTE VIR DIE JARE GEËINDIG JUNIE 2013 EN JUNIE 2014**

| DEPARTEMENT | 2013                |                     | 2014                |                     |                                    |
|-------------|---------------------|---------------------|---------------------|---------------------|------------------------------------|
|             | INKOMSTE<br>IN RAND | UITGAWES<br>IN RAND | INKOMSTE<br>IN RAND | UITGAWES<br>IN RAND | SURPLUS<br>OF<br>TEKORT<br>IN RAND |
| A           | 48 388 125          | 29 610 185          | 65 771 447          | 28 490 095          | ?                                  |
| B           | 1 609 653           | 52 554 248          | 4 198 816           | 57 060 221          | (52 861 405)                       |
| C           | 1 308 287           | 4 998 399           | 1 216 484           | 4 607 201           | (3 390 717)                        |
| D           | 6 855 006           | 9 932 644           | 6 151 138           | 7 254 832           | (1 103 694)                        |
| E           | 6 979 909           | 22 447 349          | 6 530 785           | 23 375 380          | (16 844 595)                       |
| F           | 39 770 950          | 41 774 804          | 46 764 108          | 52 237 114          | (5 473 006)                        |
| G           | 21 231 361          | 30 645 928          | 4 505 986           | 33 031 602          | (28 525 616)                       |

[Aangepas uit [www.kharahais.co.za](http://www.kharahais.co.za)]

Bestudeer TABEL 1 hierbo en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.2.1 Verduidelik die term *tekort*. (2)
- 1.2.2 Bepaal, deur ALLE berekeninge te toon, of Departement A in 2014 'n surplus of 'n tekort getoon het. (2)
- 1.2.3 Skryf die inkomstebedrag vir Departement E vir 2013 in woorde neer. (2)
- 1.2.4 Identifiseer die departement wat die grootste tekort vir beide 2013 en 2014 getoon het. (2)
- 1.2.5 Bereken die persentasieverskil (afgerond tot die naaste heel persentasie) in die uitgawes van Departement G van 2013 tot 2014 deur die volgende formule te gebruik:

$$\text{\%-verskil} = \frac{\text{uitgawes 2014} - \text{uitgawes 2013}}{\text{uitgawes 2013}} \times 100\% \quad (3)$$

- 1.2.6 Bereken die waarskynlikheid (uitgedruk as 'n persentasie) om willekeurig 'n departement te kies wat in 2014 uitgawes van minder as 25 miljoen rand gehad het. (3)

## VRAAG 2

- 2.1 Malibongwe besit 'n gasteplaas met vier vakansiehuisies. Hy besluit om bakstene te gebruik om vir elke vakansiehuisie 'n braaiplek te bou. Die prentjie en diagramme in BYLAE B toon die afmetings en verskillende aansigte van 'n braaiplek.

**LET WEL:** Daar is 10 mm messelklei (sementmengsel) tussen die bakstene. Die bakstene is reghoekige prisma's met 'n lengte van 22 cm elk.

Gebruik BYLAE B om die vroeë wat volg, te beantwoord.

- 2.1.1 Malibongwe besluit om 'n oppervlakte skoon te maak om 'n uniforme 250 mm-rand om die basis van die braaiplek te skep (soos op BYLAE B aangedui).

- (a) Bepaal die lengte en breedte van die reghoekige oppervlakte wat skoongemaak moet word om een braaiplek te bou. (3)
- (b) Bereken vervolgens die totale oppervlakte grond (in  $m^2$ ) wat skoongemaak moet word om een braaiplek te bou.

Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Oppervlakte van reghoek} = \text{lengte} \times \text{breedte} \quad (3)$$

- 2.1.2 **A** is die breedte van die opening waarin die braairooster presies sal pas. Die breedte, **A**, is gelyk aan die lengte van twee bakstene plus die messelklei tussen die bakstene.

Toon aan dat **A** gelyk is aan 470 mm. (3)

- 2.1.3 Malibongwe besluit om 'n reghoekige sementblad, **B**, te gebruik om 'n gedeelte van die braaiplek se bokant te bedek. Die sementblad het die volgende afmetings:

- Dikte/Hoogte = 3,5 cm
- Lengte = 920 mm
- Breedte =  $(2 \frac{1}{2} \times \text{lengte van 'n baksteen}) + \text{messelklei}$

- (a) Bepaal die breedte van die sementblad. (2)
- (b) Bepaal vervolgens die volume (in  $cm^3$ ) van EEN sementblad.


Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Volume van reghoekige prisma} = \text{lengte} \times \text{breedte} \times \text{hoogte} \quad (3)$$

2.2

'n Hoërskool het besluit om 15 reghoekige sluitkaskabinette met 'n vierkantige basis te installeer. Elke kabinet het 'n stel van 10 individuele sluitkassies, soos op die diagram en foto hieronder aangedui. Die raam om die stel sluitkassies het 'n uniforme breedte van 4 cm.

**Diagram van sluitkaskabinet**




**Foto van sluitkaskabinet**



$$\text{Hoogte (H)} = 1\ 800 \text{ mm}$$

$$\text{Oppervlakte van vierkantige basis} = 2\ 025 \text{ cm}^2$$

**Vooraansig van individuele sluitkassie**



[Bron: [www.greenfield.co.za](http://www.greenfield.co.za)]

Jy mag die volgende formules gebruik:

$$\text{Oppervlakte van sirkel} = \pi \times \text{radius}^2 \quad \text{gebruik } \pi = 3,142$$

$$\text{Oppervlakte van reghoek} = \text{lengte} \times \text{breedte}$$

2.2.1 Bereken die hoogte (in mm) van 'n individuele sluitkassie. (3)

2.2.2 (a) Bepaal die sylengte (in cm) van die vierkantige basis. (2)

(b) Bepaal vervolgens die totale vloeroppervlakte in  $\text{m}^2$  wat deur die basisse van al die sluitkaskabinette beslaan word. (2)

2.2.3 Elke sirkelvormige sleutelgat in 'n sluitkassie het 'n deursnee van 3 cm.

(a) Toon aan dat die oppervlakte wat vir 'n sleutelgat in 'n sluitkassie se deur gesny word,  $7,0695 \text{ cm}^2$  is. (3)

(b) Bepaal vervolgens die totale buiteoppervlakte (in  $\text{cm}^2$ ) van die voorkant van 'n sluitkaskabinet, die sleutelgate uitgesluit. (4)

### VRAAG 3

3.1 Tebogo het die Nasionale Krugerwildtuin besoek. Hy het by die Kruger Mpumalanga Internasionale Lughawe geland. 'n Kaart wat die toegangspaaie na die park en die lughawe aantoon, word in BYLAE C gegee.

Nasjonale paaie word met die letter **N** aangedui en streekspaaie met die letter **R**.

Gebruik BYLAE C om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 3.1.1 Benoem die toegangshek na die Nasionale Krugerwildtuin wat die verste van die lughawe af is. (2)
- 3.1.2 Identifiseer AL die verskillende streekspaaie wat op die kaart aangedui is wat NIE direk met die N4 verbind is NIE. (2)
- 3.1.3 Noem die enkele pad wat gebruik kan word om van Klasserie na Barberton te reis. (2)
- 3.1.4 Tebogo het die Nasionale Krugerwildtuin verlaat om 'n vriend in 'n dorp buite die wildtuin te ontmoet. Hy het die volgende roete gevolg:
- Vanaf die Orpenhek het hy na Klasserie gery.
  - Hy het links op die R40 gedraai en deur Bosbokrand na Hazyview gery.
  - Daarna het hy die R536 na Sabie geneem.
  - Hy het toe oor die Long Tom-pas gery en sy vriend in die volgende dorp op die roete ontmoet.

Skryf die naam van die dorp neer waar hulle ontmoet het. (3)

- 3.1.5 Gee die algemene rigting van die Blyderiviercanyon vanaf die Paul Kruger-hek. (2)
- 3.2 Die vloerplan van 'n winkelsentrum word op ANTWOORDBLAD 1 gegee. Bestudeer die vloerplan en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.2.1 Noem DRIE strukture op die vloerplan wat aandui dat die winkelsentrum 'n meer verdieping gebou is. (3)
- 3.2.2 Noem of die draaideur by die ingang/uitgang in 'n kloksgewyse rigting of antikloksgewyse rigting draai. (2)
- 3.2.3 Winkel A en Winkel B word onderskeidelik S101 en S102 genoem, waar A en B die eerste twee letters van die alfabet is. Gee die benoeming vir Winkel X. (2)
- 3.2.4 Die ingange van Winkel M en Winkel L is 20 mm van mekaar op die vloerplan. Die werklike afstand tussen die twee ingange is 5 m. Bepaal die skaal van hierdie vloerplan. (3)
- 3.2.5 Toon duidelik, op ANTWOORDBLAD 1, die kortste moontlike roete wat 'n persoon in geval van 'n noodontruiming na die naaste uitgang kan volg indien die persoon uit Restaurant C kom. (3)

## VRAAG 4

TABEL 2 hieronder toon 'n vergelyking van verskillende kositems wat in Suid-Afrika verbruik word.

**TABEL 2: VERGELYKING VAN VERSKILLENDÉ KOSITEMS WAT VAN 1994 TOT 2009 IN SUID-AFRIKA VERBRUIK IS**

| KOSITEM                     | VERBRUIK (*kg/jaar) |      |      |      |                                  |
|-----------------------------|---------------------|------|------|------|----------------------------------|
|                             | 1994                | 1999 | 2004 | 2009 | %-VERANDERING<br>(1994 TOT 2009) |
| <b>Totale vleis (i)–(v)</b> | 40,3                | 37,2 | 43,8 | 58,7 | 45,7                             |
| (i) Bees                    | 16,6                | 11,5 | 13,8 | 15,4 | -7,0                             |
| (ii) Skaap                  | 4,0                 | 4,2  | 3,7  | 3,8  | -5,0                             |
| (iii) Vark                  | 3,1                 | 3,0  | 3,6  | 6,8  | 119,0                            |
| (iv) Pluimvee               | 15,3                | ...  | 22,4 | 32   | 109                              |
| (v) Ander vleis             | 1,3                 | 0,3  | M    | 0,7  | -46,0                            |
| <b>Totale afval</b>         | 3,6                 | 3,4  | 4,2  | 4,7  | 30,6                             |
| <b>Totale eiers</b>         | 4,3                 | 5,6  | 5,7  | 6,7  | 55,8                             |
| <b>Totale vis en seekos</b> | 5,9                 | 6,5  | 9,9  | 7,5  | 27,0                             |

\*kg/jaar = kilogram gewig van kositem wat per jaar deur 'n individu verbruik word

[Aangepas uit www.sajs.co.za]

Gebruik die tabel hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 4.1 Verduidelik kortlik of die verbruiksdata in die tabel diskreet of kontinu is. (2)
  - 4.2 Identifiseer die vleisitem wat die grootste persentasievermindering in verbruik getoon het en noem ook die persentasievermindering. (3)
  - 4.3 Bereken die gemiddelde totale verbruik van eiers in 2009 (in kg) indien die totale Suid-Afrikaanse bevolking in 2009 op 49 320 500 geskat is. (3)
  - 4.4 Bereken die ontbrekende waarde M. (3)
  - 4.5 Noem die kositem waar die verbruik per persoon per jaar vanaf 1999 tot 2009 met 1 kg verhoog het. (2)
  - 4.6 Rangskik die persentasieverandering van die vleisitems in stygende volgorde. (3)
  - 4.7 Skryf die modale persentasieverandering in die verbruik van eiers vanaf 1994 tot 2009 neer. (2)
  - 4.8 Op ANTWOORDBLAD 2 word voltooide staafgrafieke gegee wat die verbruik van verskillende kositems vir 1999 en 2004 voorstel. 'n Onvolledige staafgrafiek word ook gegee om kositems vir 2009 voor te stel.
- Gebruik die inligting in TABEL 2 hierbo en voltooi die staafgrafiek vir die kositems vir 2009 op ANTWOORDBLAD 2. (6)
- [24]

## VRAAG 5

5.1 Rori werk tans en besluit om vir 10 jaar te begin spaar deur 'n belastingvrye spaarplan te gebruik waar geen belasting op beleggingsgroei betaal word nie.

Die belastingvrye spaarplan het die volgende twee opsies om van te kies:

- OPSIE 1: 'n Aanvanklike vaste maandelikse bydrae met 'n inflasiegekoppelde jaarlikse verhoging
- OPSIE 2: 'n Aanvanklike vaste maandelikse bydrae met 'n jaarlikse verhoging van 8%

Die tabel hieronder toon die totale waarde van die spaargeld as geen onttrekings gemaak word nie, asook die belastingbesparing op die verskillende bydraes vir 'n tydperk van tien jaar.

**TABEL 3: WAARDE VAN BELASTINGVRYE SPAARPLAN NA TIEN JAAR**

| AANVANKLIKE<br>MAANDELIKSE<br>BYDRAE<br>(R) | OPSIE 1:<br>INFLASIEGEKOPPELDE<br>JAARLIKSE VERHOGING |                                | OPSIE 2:<br>JAARLIKSE VERHOGING<br>VAN 8%   |                                |
|---|---|--------------------------------|---|--------------------------------|
|   | TOTALE<br>WAARDE<br>VAN<br>SPAARGELD<br>(R)           | BELASTING-<br>BESPARING<br>(R) | TOTALE<br>WAARDE<br>VAN<br>SPAARGELD<br>(R) | BELASTING-<br>BESPARING<br>(R) |
| 150   | 30 434  | 1 558                          | 30 434                                      | 1 558                          |
| 200   | 40 578  | 2 077                          | 40 578                                      | 2 077                          |
| 300   | 60 867  | 3 116                          | 60 867                                      | 3 116                          |
| 500   | 112 043   | 5 365                          | 126 696                                     | 5 805                          |
| 800   | 179 269   | 8 584                          | 202 714                                     | 9 288                          |
| 1 000                                       | 224 086   | 10 729                         | 253 392                                     | 11 610                         |

[Bron: [www.oldmutual.co.za](http://www.oldmutual.co.za)]

Gebruik TABEL 3 hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

5.1.1 Bepaal die verhouding van die belastingbesparing tot die totale waarde van die spaargeld vir 'n aanvanklike maandelikse bydrae van R500 indien OPSIE 1 gekies word.

Druk die antwoord uit in die vorm **1 : ...** (3)

5.1.2 Vir watter maandelikse bydrae-bedrae sal die belastingbesparing dieselfde wees, ongeag die opsie wat gekies word? (2)

5.1.3 Druk die belastingbesparing op 'n aanvanklike maandelikse bydrae van R800 as 'n persentasie van die totale waarde van die spaargeld vir OPSIE 2 uit. (3)

5.1.4 Dui aan of die maandelikse bydrae wat Rori tot hierdie belastingvrye spaarplan maak, 'n vaste of veranderlike uitgawe in sy maandelikse begroting per jaar sal wees. (2)

5.1.5 Bepaal hoeveel meer Rori se totale spaargeld werd sal wees indien hy verkies om 'n maandelikse bydrae van R500 vir 10 jaar met OPSIE 2 te maak, eerder as om OPSIE 1 te gebruik. (2)

5.2

TABEL 4 hieronder toon die netto waarde van die wêreld se tien rykste miljardêrs ('billionaires') in 2015 en TABEL 5 toon die netto waarde van Afrika se tien rykste miljardêrs in 2015.

**TABEL 4: TIEN RYKSTE MILJARDÊRS IN DIE WÊRELD 2015**

| NAAM                    | NETTO WAARDE<br>(IN MILJARD DOLLAR) | LAND VAN<br>BURGERSKAP |
|-------------------------|-------------------------------------|------------------------|
| Jim Walton              | 40,6                                | VSA                    |
| Larry Ellison           | 54,3                                | VSA                    |
| Warren Buffet           | 72,7                                | VSA                    |
| Charles Koch            | 42,9                                | VSA                    |
| Amancio Ortega          | 64,5                                | Spanje                 |
| Bill Gates              | 79,2                                | VSA                    |
| David Koch              | 42,9                                | VSA                    |
| Liliane Bettencourt (F) | 40,1                                | Frankryk               |
| Christy Walton          | 41,7                                | VSA                    |
| Carlos Slim Helu        | 77,1                                | Mexiko                 |

[Bron: [www.forbes.com](http://www.forbes.com)]

**TABEL 5: TIEN RYKSTE B MILJARDÊRS IN AFRIKA 2015**

| NAAM                  | NETTO WAARDE<br>(IN MILJARD DOLLAR) | LAND VAN<br>BURGERSKAP |
|-----------------------|-------------------------------------|------------------------|
| Nathan Kirsh          | 3,9                                 | Swaziland              |
| Nicky Oppenheimer     | 6,7                                 | Suid-Afrika            |
| Isabel dos Santos (F) | 3,3                                 | Angola                 |
| Johann Rupert         | 7,4                                 | Suid-Afrika            |
| Aliko Dangote         | 15,7                                | Nigerië                |
| Mohamed Mansour       | 4,0                                 | Egipte                 |
| Nassef Sawiris        | 6,3                                 | Egipte                 |
| Christoffel Wiese     | 6,3                                 | Suid-Afrika            |
| Issad Rebrab          | 3,1                                 | Algerië                |
| Mike Adenuga          | 4,0                                 | Nigerië                |

[Bron: [www.naij.com](http://www.naij.com)]

Gebruik TABEL 4 en TABEL 5 hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 5.2.1 Wie was in 2015 die sesde rykste miljardêr in die wêreld? (3)
- 5.2.2 Bepaal die verskil in netto waarde tussen die rykste miljardêr in die wêreld en die rykste miljardêr in Afrika. (3)
- 5.2.3 Bereken die mediaan netto waarde van die tien rykste miljardêrs ter wêreld. (3)
- 5.2.4 Bereken die gemiddelde netto waarde van Afrika se tien rykste miljardêrs. (3)
- 5.2.5 Bepaal die waarskynlikheid dat een van die tien rykste miljardêrs in Afrika 'n Suid-Afrikaanse burger is wie se netto waarde minder as 7 miljard dollar is. Skryf jou antwoord as 'n vereenvoudigde gewone breuk. (3)
- 5.2.6 Bepaal Christoffel Wiese se netto waarde in rand indien die wisselkoers R1 = \$0,0606 is. Rond die netto waarde tot die naaste miljoen af. (3)
- [30]
- TOTAAL:** **150**

# Antwoordblad


## **ANTWOORDBLAAD 1**

**SENTRUMNOMMER:**

|  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|
|  |  |  |  |  |  |  |  |
|  |  |  |  |  |  |  |  |

**EKSAMENNNOMMER:**

VRAAG 3.2



[Bron: [www.edrawsoft.com](http://www.edrawsoft.com)]


## **ANTWOORDBLAD 2**

**SENTRUMNOMMER:**

**EKSAMENNNOMMER:**

VRAAG 4.8

# **Verbruik van verskillende kositems in Suid-Afrika van 1994 tot 2009**



BYLAE A

# Bylae

## VRAAG 1.1

### AANGEPASTE ELEKTRISITEIT-REKENINGSTAAT

|  |                                   |                        |   |
|--|-----------------------------------|------------------------|---|
| <b>BELASTINGFAKTUUR</b><br>BTW-registrasienommer: 45689873200  |                                   |                        | <b>//KHARA HAIS MUNISIPALITEIT</b><br>Tel: 054 567 8413<br>Faks: 054 325 8416<br>Privaatsak X6003, Thahitsi, 4499 |
| <b>Rekeningmaand:</b><br>September 2015  |                                   |                        | <b>Uitgereik op:</b><br>2015/09/22<br>Belastingfaktuur-nommer: 1509336852<br>Rekeningnommer: 31823303265000       |
| <b>Naam:</b><br>Valley Hoërskool   |                                   |                        | <b>Straatadres:</b><br>10 <sup>de</sup> Straat, Thahitsi  |
| <b>Posadres:</b><br>Posbus 234<br>Thahitsi<br>4499   | <b>Dorpswyk:</b><br>Thahitsi X 01 | <b>Erfnr.:</b><br>2322 | <b>Datum van meterlesings:</b><br>2015/08/12 en 2015/09/09  |
|  |                                   |                        |   |
| <b>Rekening- en faktuurbesonderhede</b>  |                                   |                        |   |
| Saldo oorgedra<br>Betaling ontvang op 2 September 2015   |                                   |                        | <b>Bedrag in rand</b><br>20 033,00<br>0,00  |
| <b>Elektrisiteit</b><br><b>Basiese heffing:</b><br>➤ Driefase (kommersieel)<br>➤ Driefase (transformator)          |                                   |                        | (1 × 2 105,89)      2 105,89<br>(1 × 2 158,50)      2 158,50  |
| <b>kWh:</b><br>VORIGE lesing: 1158957      NUWE lesing: 1190786<br>kWh verbruik: A                                 |                                   |                        | Koers: R0,6303/kWh      20 061,82   |
| <b>kVA:</b><br>kVA verbruik: 137   |                                   |                        | (137 × B)      24 781,93  |
| BTW (14%)  |                                   |                        | 6 875,14  |
| 20150918 Kontantafonding   |                                   |                        | -0,03      -0,03  |
| <b>REKENINGSALDO</b>   |                                   |                        | <b>C</b>  |
| <b>*Betaalbaar op 15 Oktober 2015</b>  |                                   |                        |   |
| Bankbesonderhede: ASBA Bank, rekeningnommer: 659999999<br>Gebruik die munisipaliteitsrekening-nommer as verwysing. |                                   |                        |   |


\*Rekeninge wat teen die betaaldatum steeds onbetaald is, is onderhewig aan rente wat teen 'n standaardkoers van 10% per jaar, maandeliks saamgestel, gehef word en dienste sal opgeskort word. Stel asseblief die munisipaliteit skriftelik in kennis indien enige dienste beëindig word, sodat u nie vir enige koste aanspreeklik gehou word nie.

- kWh (kilowatt-uur) is die eenheid vir driefase-elektrisiteit.
- kVA (kilovoltampère) is die eenheid vir transformator-elektrisiteit.


## BYLAE B

### VRAAG 2.1


Prent van braaiplek




Vooraansig van braaiplek



Boaansig van braaiplek



Oppervlakte wat skoongemaak moet word




[Bron: [www.claybrick.org.za](http://www.claybrick.org.za)]

BYLAE C

VRAAG 3.1

TOEGANGSPAALIE NA DIE NASIONALE KRUGERWILDTUIN



[Bron: [www.wheretostay.co.za](http://www.wheretostay.co.za)]

# Memo

## VRAAG 1 [44] Toelaatbare speling van 2 punte

| Vraag        | Oplossing  | Verduideliking   | O & V         |
|--------------|--|--|---------------|
| 1.1.1        | <p style="text-align: center;">✓J<br/>Dit is die <u>uitstaande</u> saldo (nog verskuldig) van die <u>vorige</u> maand se rekening.</p> <p style="text-align: center;"><b>OR</b></p> <p style="text-align: center;">✓J                              ✓J<br/>Opening saldo vir die nuwe maand</p>   | 2 J verduideliking<br><br>(2)  | L1            |
| 1.1.2        | <p>Aug. : 19 dae   ✓A<br/>Sep. : 9 dae   ✓A</p> <p>Dit wil sê die totale getal dae verloop = <math>19 + 9 = 28</math>   ✓CA</p>  | <p>2A korrekte getal dae per Maand<br/><br/>1CA totaal<br/><br/>Slegs antwoord<br/>Vir 28 : 3 punte<br/>Vir 27 of 29 : 1 punt</p>  | L1<br><br>(3) |
| 1.1.3        | <p>Totale Basiese Heffing = R2 105,89 + R2 158,50   ✓MA<br/>= R4 264,39   ✓A</p>   | <p>1M optelling heffing<br/>1A totale bedrag<br/><br/>Slegs antwoord volpunte</p>  | L1<br><br>(2) |
| 1.1.4<br>(a) | <p>Nuwe lesing – vorige lesing<br/>= 1 190 786 – 1 158 957 kWh   ✓M ✓A<br/>= 31 829 kWh</p>  | <p>1A identifisering van lesing<br/>1M aftrekking regte orde<br/>(indien deel maks 1)</p>  | L1<br><br>(2) |
| 1.1.4<br>(b) | <p><math>31\ 829 \times 0,6303</math><br/>= R20 061,8187<br/>≈ R20 061,82</p>  | <p>1A identifiseer die waardes<br/>1M vermenigvuldig met 0,6303</p>  | L1<br><br>(2) |
| 1.1.5        | <p>R2 105,89 + R2 158,50 + R20 061,82 + R24 781,93<br/>= R49 108,14   ✓A</p> <p><math display="block">BTW = \frac{14}{100} \times R49\ 108,14</math><br/>≈ R6 875,14</p> <p><b>OF</b></p> <p>Amount = <math>\frac{R6\ 875,14}{14\%}</math>   ✓M<br/>= R49 108,14   ✓A<br/>= R2 105,89 + R2 158,50 + R20 061,82<br/>+ R24 781,93   ✓A</p> | <p>1MA optelling van alle bedrae<br/>1A totaal voor BTW<br/>1M berekening van 14% BTW</p> <p><b>OF</b><br/>1M berekening 14% BTW<br/>1A bedrag voor BTW<br/>1MA optelling van bedrae</p> | L2<br><br>(3) |

| Vraag | Oplossing   | Verduideliking   | O & V |
|-------|---|--|-------|
| 1.1.6 | $\mathbf{B} = \frac{24\ 781,93}{137} \checkmark M$ $= 180,89 \quad \checkmark A$  | 1M deling<br>1A tarief<br><div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;">Slegs antwoord volpunte</div><br>(2)  | L1    |
| 1.1.7 | $\mathbf{C} = 2\ 105,89 + R2\ 158,50 + R20\ 061,82 + R24\ 781,93$ $+ 6\ 875,14 - 0,03$ $= 55\ 983,25 \quad \checkmark CA$<br><br><b>OF</b><br>$\mathbf{C} = 49\ 108,14 + 6\ 875,14 - 0,03$ $= 55\ 983,25 \quad \checkmark CA$   | 1M optelling en aftrekking 0,03<br>1CA rekeningtotaal<br><br><b>OF</b><br>1M optelling en aftrekking 0,03<br>1CA waarde van 1.1.5<br><div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;">Slegs antwoord volpunte</div><br>(2) | L2    |
| 1.1.8 | Afronding as gevolg van die onbeskikbaarheid van 1c-en 2c-muntstukke. $\checkmark \checkmark J$<br><br><b>OR</b><br>Afronding tot 5c  | 2J verduideliking<br><br>(2)   | L1    |
| 1.1.9 | Maandelikse rentekoers $= 10\% \div 12 \quad \checkmark M$<br><br>$\text{Rente na 1 maand} = \frac{1}{120} \times R55\ 983,25$ $\approx R466,527 \quad \checkmark A$<br><br>Bedrag betaalbaar na 1 maand (November 15)<br>$= R55\ 983,25 + R466,527 \quad \checkmark M$ $\approx R56\ 449,777 \quad \checkmark CA$<br><br>$\text{Rente na 2 maande} = \frac{1}{120} \times R56\ 449,77$ $\approx R470,415$<br><br>Bedrag betaalbaar na 2 maande (Des. 15)<br>$= R56\ 449,777 + R470,415$ $\approx R56\ 920,19 \quad \checkmark CA$<br><br><b>OF</b> | CA vanaf V.1.1.7<br>1M deling deur 12<br><br>1A 1ste maande se rente<br><br>1M optelling van rente<br>1CA waarde na 1 maand<br><br>1CA waarde na 2 maande<br><br><b>OF</b>   | L3    |

| Vraag      | Oplossing  | Verduideliking   | O & V     |
|------------|--|--|-----------|
|            | <p>Maandelikse rentekoers = <math>10\% \div 12 \checkmark M</math></p> <p>Bedrag betaalbaar na 1 maand (November 15)<br/> <math>= \left( \frac{1 \checkmark A}{120} \times R55\,983,25 \right) + R55\,983,25 \checkmark M</math><br/> <math>\approx R56\,449,777 \checkmark CA</math></p> <p>Bedrag betaalbaar na 2 maande (by 15 Des.)<br/> <math>= \left( \frac{1}{120} \times R56\,449,777 \right) + R56\,449,78</math><br/> <math>\approx R56\,920,19 \checkmark CA</math></p> | <p>CA vanaf V 1.1.7<br/> 1M deling deur 12</p> <p>1A maandelikse rente<br/> 1M berekening van rente en optelling<br/> 1CA waarde na 1 maand</p> <p>1CA waarde na twee maande<br/> (Maks 3 punte indien rentekoers nie maandeliks is nie)</p>   | (5)       |
| 1.1.10 (a) | <p>Nuwe driefase- kommersiële heffing <math>\checkmark M</math><br/> <math>= R2\,105,89 + R50,00</math><br/> <math>= R2\,155,89 \checkmark CA</math></p>   | <p>1M tel R50 by heffing<br/> 1CA vereenvoudiging</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;"> Slegs antwoord volpunte </div>   | L1<br>(2) |
| 1.1.10 (b) | <p>Nuwe tarief per kWh = <math>\left( \frac{12,2}{100} \times R0,6303 \right) + R0,6303 \checkmark MA \checkmark A</math><br/> <math>= 0,0768966 + R0,6303</math><br/> <math>\approx R\,0,7072 \checkmark CA</math></p> <p><b>OF</b></p> <p>Nuwe tarief per kWh = <math>\left( \frac{112,2}{100} \times R0,6303 \right) \checkmark A \checkmark MA</math><br/> <math>\approx R\,0,7072 \checkmark CA</math></p>  | <p>1M berekening van persentasie van tarief<br/> 1A bytel van 0,6303<br/> 1CA koste per kWh</p> <p><b>OF</b></p> <p>1A persentasie verhoging<br/> 1MA berekening van persentasie van tarief<br/> 1CA tarief</p> <p><b>NPR</b></p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;"> Slegs antwoord volpunte </div> | L2<br>(3) |
| 1.2.1      | <p>Inkomste is minder/kleiner as uitgawes <math>\checkmark \checkmark J</math></p> <p><b>OF</b></p> <p>Uitgawes is meer/groter as die inkomste <math>\checkmark \checkmark J</math></p> <p><b>OF</b></p> <p>Getal tekortkoming van inkomste. <math>\checkmark \checkmark J</math></p>  | <p>2J Gebruik van terminologie (inkomste &amp; uitgawes)<br/> Meer as<br/> 2J minder/kleiner as<br/> 2J tekortkoming</p>   | L1<br>(2) |

| Vraag | Oplossing  | Verduideliking  | O & V   |
|-------|--|---|---------|
| 1.2.2 | Die munisipaliteit het 'n surplus getoon. ✓J<br><br>A = R65 771 447 – R28 490 095<br>= R37 281 352 ✓MA   | 1J besluit (vanaf die aftrekking)<br><br>1MA bepaal verskil (2)   | L1      |
| 1.2.3 | Ses miljoen, negehonderd nege-en-sewentig duisend negehonderd en nege rand. ✓✓A  | 2A korrekte getal en bewoording<br><br>(As ses miljoen, vyf honderd en dertig duisend sewehonderd vyf en tagtig rand : maks 1 punt ) (2)  | L1      |
| 1.2.4 | Departement B ✓✓A  | 2A antwoord (2)   | L1      |
| 1.2.5 | %-verskil<br>$= \frac{\text{Uitgawes 2014} - \text{Uitgawes 2013}}{\text{Uitgawes 2013}} \times 100\%$<br>$= \frac{\text{R33 031 602} - \text{R30 645 928}}{\text{R30 645 928}} \times 100\%$<br>$\approx 7,784636183\% \quad \checkmark \text{CA}$<br>$\approx 8\% \quad \checkmark \text{R}$ | 1SF vervanging van korrekte waardes van tabel<br>1CA vereenvoudiging<br>1R ronding<br><div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;">Slegs antwoord volpunte</div><br>(3) | L2      |
| 1.2.6 | $P = \frac{3}{7} \times 100\%$<br>$\approx 42,86\% \quad \checkmark \text{CA}$   | 1A teller<br>1A noemer<br><br>1CA %<br><div style="border: 1px solid black; padding: 5px; display: inline-block;">Slegs antwoord volpunte</div><br><b>NPR</b><br>(3)                                  | P<br>L2 |
|       |  |   | [44]    |

| Vraag 2 [28] Toelaatbare speling van 1 punt |  |   |           |
|---|--|---|-----------|
| Vraag                                       | Oplossing  | Verduideliking  | O & V     |
| 2.1.1<br>(a)                                | <p>Lengte van reghoekige oppervlakte wat skoongemaak moet word      ✓MA</p> $= 1\ 430\ \text{mm} + 250\ \text{mm} \times 2$ $= 1\ 930\ \text{mm} \quad \checkmark\text{CA}$ <p>Breedte van reghoekige oppervlakte wat skoongemaak moet word</p> $= 1\ 420\ \text{mm} \quad \checkmark\text{A}$ <p><b>OF</b></p> <p>2 punte vir breedte en<br/>1 punt vir lengte</p>  | <p>1MA optelling<br/><math>250\ \text{mm} \times 2</math></p> <p>1CA lengte</p> <p>1A Breedte (CA 1170)<br/>(Tel bakstene:<br/>Aanvaar lengte 1370<br/>+ 500 = 1870 mm en<br/>breedte 1650 mm)</p> <p>Slegs antwoord<br/>volpunte</p>   | L1<br>(3) |
| 2.1.1<br>(b)                                | <p><b>✓SF</b></p> <p>Totale oppervlakte = <math>1\ 930\ \text{mm} \times 1\ 420\ \text{mm}</math></p> $= 1,93\ \text{m} \times 1,42\ \text{m}$ $\approx 2,7406\ \text{m}^2 \quad \checkmark\text{CA}$ <p><b>OF</b></p> <p><b>✓SF</b></p> <p>Totale oppervlakte = <math>1\ 930\ \text{mm} \times 1\ 420\ \text{mm}</math></p> $= 2\ 740\ 600\ \text{mm}^2 \quad \checkmark\text{CA}$ $\approx 2,7406\ \text{m}^2 \quad \checkmark\text{C}$ <p><b>OF</b></p> <p>Totale oppervlakte (in <math>\text{m}^2</math>)      ✓C      ✓SF</p> $= (1,43 + 0,250 \times 2) \times (0,92 + 0,25 \times 2)$ $= 1,93 \times 1,42$ $= 2,7406 \quad \checkmark\text{CA}$ | <p>CA vanaf V2.1.1(a)</p> <p>1SF vervanging van korrekte waardes</p> <p>1C herleiding</p> <p>1CA oppervlakte in <math>\text{m}^2</math></p> <p><b>OF</b></p> <p>1SF vervang korrekte waardes</p> <p>1CA oppervlakte in <math>\text{mm}^2</math></p> <p>1C herleiding</p> <p><b>OF</b></p> <p>1C herleiding</p> <p>1SF vervanging van korrekte waardes</p> <p>1CA oppervlakte in <math>\text{m}^2</math></p> <p><b>NPR</b></p> | L2<br>(3) |
| 2.1.2                                       | <p><b>✓C      ✓M      ✓MA</b></p> <p>Lengte van A = <math>2 \times 220\ \text{mm} + 3 \times 10\ \text{mm}</math></p> $= 470\ \text{mm}$   | <p>1C herleiding</p> <p>1M optel van messelklei</p> <p>1MA messelklei-mate (aanvaar 450 mm)</p>   | L1<br>(3) |

| Vraag        | Oplossing  | Verduideliking   | O & V |
|--------------|--|--|-------|
| 2.1.3<br>(a) | Breedte van een sementblad $\checkmark MA$<br>$= 2 \frac{1}{2} \times 22 \text{ cm} + 2 \text{ cm}$<br>$= 57 \text{ cm} \quad \checkmark CA$   | 1M Vermenigvuldiging van een lengte baksteen met $2 \frac{1}{2}$ en tel 2 cm (of 20 mm) by 1CA breedte<br>Slegs antwoord volpunte<br>(2) | L1    |
| 2.1.3<br>(b) | Volume van een sementblad $\checkmark C \quad \checkmark SF$<br>$= 92 \text{ cm} \times 57 \text{ cm} \times 3,5 \text{ cm}$<br>$= 18 354 \text{ cm}^3 \quad \checkmark CA$  | 1SF korrekte waardes vervang vanaf (a)<br>1C herleiding<br>1CA volume in $\text{cm}^3$<br>Slegs antwoord volpunte<br>(3)                 | L2    |
| 2.2.1        | Hoogte = $[1 800 \text{ mm} - (2 \times 40) \text{ mm}] \div 10 \quad \checkmark MA$<br>$= 172 \text{ mm} \quad \checkmark CA$<br>$\checkmark M$   | 1M aftrekking van 80<br>1MA deling deur 10<br>1CA hoogte in mm<br>Slegs antwoord volpunte<br>(3)   | L2    |
| 2.2.2<br>(a) | Sylengte = $\sqrt{2025 \text{ cm}^2} = 4,5 \text{ cm} \quad \checkmark A$  | 1M vierkantswortel<br>1A sylengte<br>Slegs antwoord volpunte<br>(2)  | L1    |
| 2.2.2<br>(b) | Totale vloeroppervlakte $\checkmark M$<br>$= 2 025 \text{ cm}^2 \times 15 = 30 375 \text{ cm}^2$<br>$= 3,0375 \text{ m}^2 \quad \checkmark CA$   | 1M vermenigvuldig opp. met 15<br>1CA oppervlakte in $\text{m}^2$<br><b>NPR</b><br>Slegs antwoord volpunte<br>(2)                         | L2    |
| 2.2.3<br>(a) | Oppervlakte van sirkel = $\checkmark A \quad \checkmark A$<br>$3,142 \times \left(\frac{3}{2} \text{ cm}\right)^2 \quad \checkmark A$<br>$= 7,0695 \text{ cm}^2$   | 1A 3,142<br>1A korrekte radius<br>1CA kwadreer<br>(3)  | L2    |
| 2.2.3<br>(b) | Buite oppervlakte $\checkmark SF \quad \checkmark M$<br>$= 180 \text{ cm} \times 45 \text{ cm} - 10 \times 7,0695 \text{ cm}^2$<br>$= 8 100 \text{ cm}^2 - 70,695 \text{ cm}^2 \quad \checkmark A$<br>$= 8 029,305 \text{ cm}^2 \quad \checkmark CA$ | CA 45 cm van V2.2.2 (a)<br>1SF korrekte waardes<br>1M aftrekking<br>1A vereenvoudiging<br>1CA totale buite oppervlakte<br>(4)            | L2    |
|              |  |  | 28    |

| <b>VRAAG 3 [24] Toelaatbare speling 0 punte</b> |   |  |                  |
|---|---|--|------------------|
| <b>Vraag</b>                                    | <b>Oplossing</b>  | <b>Verduideliking</b>  | <b>O &amp; V</b> |
| 3.1.1   | ORPEN-hek ✓✓RD  | 2RD aflees van kaart<br>(2)  | L1               |
| 3.1.2   | R537, R536, R36, R532 ✓✓RD  | 2D aflees van kaart<br>(2)   | L1               |
| 3.1.3   | R40 ✓✓RD<br><b>[KZN merk nie hierdie vraag nie]</b>   | 2RD aflees van kaart<br>(2)  | L1               |
| 3.1.4   | Lydenburg ✓✓✓RD   | 3RD aflees van kaart<br>(3)  | L2               |
| 3.1.5   | Noordwes ✓✓RD   | 2D aflees van kaart<br>(2)   | L1               |
| 3.2.1   | Hysbak ✓A<br>Roltrap ✓A<br>Trappe ✓A  | 2A 1ste struktuur<br>1A vir 2de struktuur<br>P vir VERKEERDE strukture bygevoeg<br>(3)                   | L1               |
| 3.2.2   | Kloksgewys ✓✓RD<br><b>[Oos Kaap merk nie hierdie vraag nie.]</b>  | 2RD aflees van plan<br>(2)   | L1               |
| 3.2.3   | ✓A<br>S124 ✓A   | 1A vir S<br>1A korrekte nommer (aanvaar 1024)<br>(2)   | L1               |
| 3.2.4   | 20 mm : 5 m ✓A<br>= 20 mm : 5 000 mm ✓C<br>= $\frac{20}{20}$ mm : $\frac{5\ 000}{20}$ mm<br>= 1 mm : 250 mm<br><br>Skaal = 1 : 250✓CA | 1A verhouding in verskillende eenhede<br><br>1C herleiding tot dieselfde eenhede<br><br>1CA Skaal<br>(3) | L3               |

| Vraag | Oplossing   |
|-------|---|
| 3.2.5 | <p>The floor plan illustrates a multi-level shopping center with various departments and service areas. Key features include:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li><b>Winkelsectoren:</b> Winkel C, Winkel B, Winkel A, Winkel - (Hysbakke), Winkel E, Winkel F, Winkel G, Winkel H, Winkel I, Winkel M, Winkel N, Winkel L, Winkel O, Winkel K, Winkel P, Winkel J, Winkel Q, Winkel S, Kafee, Winkel W, Winkel X, Winkel Y, Winkel Z.</li> <li><b>Restauranten:</b> Restaurant A, Restaurant B, Restaurant C, Restaurant D.</li> <li><b>Service en Administratie:</b> Dienstoontbank, Rusarea, Winkelcentrum-kantoor (met Hysbakke en Roltrappe).</li> <li><b>Veiligheid en Toegang:</b> Ingang/Uitgang, Draaideur, Nooduitgang (vooraan en achteraan), Gangen met trapopgangen.</li> </ul> |
| 3.2.5 | <p>2A Roete na ENIGE uitgang<br/>1A kortste roete</p> <p>(3)</p> <p>L2</p>  |

(Bron:www.edrawsoft.com)

**Vraag 4 [24] Toelaatbare speling 1 punt**

| Vraag | Oplossing   | Verduideliking  | O & V |
|-------|---|---|-------|
| 4.1   | ✓ A<br>KONTINU<br>. Die data verteenwoordig massa (in kilogram) wat J uitgedruk kan word as kleiner breukeenhede. | 1A kontinu<br>1J verduideliking<br>(2)  | L1    |
| 4.2   | ✓✓A<br>Ander vleis<br>–46% ✓CA  | 2A item<br><br>1CA persentasie<br>(Aanvaar Bees – 7%: dan maks 2 punte )<br>(3)   | L1    |
| 4.3   | ✓A<br>$6,7 \text{ kg} \times 49\ 320\ 500$ ✓M<br><br>$= 330\ 447\ 350 \text{ kg}$ . ✓CA<br><br>✓M                 | 1A korrekte waarde van tabel<br>1M vermenigvuldiging met 49 320 500<br>1CA totaal in kg<br><br>Slegs antwoord volpunte<br><br>(3)   | L1    |
| 4.4   | $M = 43,8 - (13,8 + 3,7 + 3,6 + 22,4)$<br>$= 43,8 - 43,5$ ✓A<br>$= 0,3$ ✓CA                                       | 1M aftrekking<br>1A 43,5<br>1CA waarde van M<br><br>Slegs antwoord volpunte<br><br>(3)  | L1    |
| 4.5   | Vis en seekos ✓✓A   | 2A identifisering van vis en seekos<br>(2)  | L1    |
| 4.6   | ✓A            ✓CA            ✓A<br>–46,0% ; –7,0% ; –5,0% ; 109% ; 119,0% .                                       | 1A Korrekte posisie van –46%<br>1CA posisie van –7% en –5%<br>1A rangskikking van positiewe persentasies (Indien Ander vleis, bees, skaap, hoender, vark maksimum 2)<br><br>Penaliseer 1 punt indien in dalende orde<br><br>(3) | L1    |
| 4.7   | Geen modus nie ✓✓A  | 2A korrekte antwoord<br>(2)   | L1    |

| Vraag                      | Oplossing   | Verduideliking | O & V          |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
|----------------------------|---|----------------|----------------|----------------|----------------|------|-------|-------|-------|-------|------|------|------|------|------|------|------|----------|-------|-------|-------|-------------|------|------|------|--------------|------|------|------|--------------|------|------|------|----------------------------|------|------|------|--|----|
| 4.8.1                      | <p style="text-align: center;"><b>Verbruik van verskillende kositems in Suid-Afrika vanaf 1994 tot 2009</b></p> <table border="1"> <caption>Data extracted from the bar chart</caption> <thead> <tr> <th>Kositem</th> <th>1999 (kg/jaar)</th> <th>2004 (kg/jaar)</th> <th>2009 (kg/jaar)</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Bees</td> <td>~11.5</td> <td>~14.0</td> <td>~15.5</td> </tr> <tr> <td>Skaap</td> <td>~4.0</td> <td>~3.8</td> <td>~4.0</td> </tr> <tr> <td>Vark</td> <td>~3.0</td> <td>~3.5</td> <td>~7.0</td> </tr> <tr> <td>Pluinvee</td> <td>~18.0</td> <td>~22.5</td> <td>~32.0</td> </tr> <tr> <td>Ander vleis</td> <td>~0.5</td> <td>~0.5</td> <td>~1.0</td> </tr> <tr> <td>Totale Afval</td> <td>~3.5</td> <td>~4.2</td> <td>~4.8</td> </tr> <tr> <td>Totale eiers</td> <td>~5.8</td> <td>~6.0</td> <td>~7.0</td> </tr> <tr> <td>Totale vis en ander seekos</td> <td>~6.8</td> <td>~7.0</td> <td>~7.5</td> </tr> </tbody> </table> <p>1A vir elke staaf korrek geteken.<br/>(vir die laaste staaf - merk enige staaf onder 10 as reg)</p> | Kositem        | 1999 (kg/jaar) | 2004 (kg/jaar) | 2009 (kg/jaar) | Bees | ~11.5 | ~14.0 | ~15.5 | Skaap | ~4.0 | ~3.8 | ~4.0 | Vark | ~3.0 | ~3.5 | ~7.0 | Pluinvee | ~18.0 | ~22.5 | ~32.0 | Ander vleis | ~0.5 | ~0.5 | ~1.0 | Totale Afval | ~3.5 | ~4.2 | ~4.8 | Totale eiers | ~5.8 | ~6.0 | ~7.0 | Totale vis en ander seekos | ~6.8 | ~7.0 | ~7.5 |  | L2 |
| Kositem                    | 1999 (kg/jaar)  | 2004 (kg/jaar) | 2009 (kg/jaar) |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Bees                       | ~11.5   | ~14.0          | ~15.5          |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Skaap                      | ~4.0  | ~3.8           | ~4.0           |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Vark                       | ~3.0  | ~3.5           | ~7.0           |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Pluinvee                   | ~18.0   | ~22.5          | ~32.0          |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Ander vleis                | ~0.5  | ~0.5           | ~1.0           |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Totale Afval               | ~3.5  | ~4.2           | ~4.8           |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Totale eiers               | ~5.8  | ~6.0           | ~7.0           |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |
| Totale vis en ander seekos | ~6.8  | ~7.0           | ~7.5           |                |                |      |       |       |       |       |      |      |      |      |      |      |      |          |       |       |       |             |      |      |      |              |      |      |      |              |      |      |      |                            |      |      |      |  |    |

| Vraag 5 [30] Toelaatbare speling 0 punte |   |   |          |
|--|---|---|----------|
| Vraag                                    | Oplossing   | Verduideliking  | O & V    |
| 5.1.1                                    | $\checkmark A$<br>$5\ 365 : 112\ 043 \checkmark M$<br><br>$\approx 1 : 20,844 \checkmark CA$  | 1M geskryf as 'n verhouding<br>1A korrekte waardes<br>1CA Vorm 1:...<br><b>NPR</b><br>(3)                                 | F<br>L1  |
| 5.1.2                                    | R150, R200 en R300 $\checkmark \checkmark A$  | 2A korrekte waardes<br>(2)  | F<br>L1  |
| 5.1.3                                    | $\checkmark MA$<br>$\% \text{ besparings} = \frac{9\ 288}{202\ 714} \times 100\% \checkmark M$<br><br>$\approx 4,58 \% \checkmark CA$   | 1MA korrekte waardes<br>1M persentasie<br><br>1CA % besparing<br><br>Slegs antwoord volpunte<br>(3)                       | F<br>L1  |
| 5.1.4                                    | Vaste uitgawe $\checkmark \checkmark A$   | 2A antwoord<br>(2)  | F<br>L1  |
| 5.1.5                                    | R126 696 – R112 043 $\checkmark M$<br><br>= R14 653 $\checkmark CA$   | 1M aftrekking<br>1CA verskil<br><br>Slegs antwoord volpunte<br>(2)  | F<br>L1  |
| 5.2.1                                    | $\checkmark \checkmark A$ $\checkmark A$<br>Charles en David Koch   | 2A Charles Koch<br>1A David Koch<br>(3)   | DH<br>L1 |
| 5.2.2                                    | $\checkmark M$ $\checkmark A$<br>\$ 79,2 miljard – \$15,7 miljard<br><br>= \$63,5 miljard $\checkmark CA$   | 1A korrekte waardes / name<br>1M aftrekking<br>1A oplossing miljarde<br>ingesluit<br>(3)                                  | DH<br>L2 |
| 5.2.3                                    | $\checkmark A$<br>40,1 ; 40,6 ; 41,7 ; 42,9; 42,9 ; 54,3 ; 64,5; 72,7; 77,1;<br>79,2<br><br>$\text{Mediaan} = \$ \frac{42,9 \text{ miljard} + 54,3 \text{ miljard}}{2}$<br>= \$48,6 miljard $\checkmark CA$ | 1A rangskikking waardes<br><br>1M konsep van mediaan<br><br>1CA mediaan<br>(Geen penalisasie as miljard uitgelaat)<br>(3) | D<br>L2  |



# PolyMathic

## Vraestel 3

### Okt/Nov

### Eksamens

# 3!4+pwk|od

**Totaal: 150**

**Tyd: 3 ure**

**VRAAG 1**

- 1.1 Banke stuur van tyd tot tyd transaksiestate aan hul kliënte.

'n Uittreksel uit die bankstaat van 'n rekening by BBC Bank en TABEL 1, wat die 2016-prysgids vir transaksies by die bank toon, word in BYLAE A getoon.

Gebruik BYLAE A om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 1.1.1 Definieer die term *krediet*, soos in die bankstaat gebruik. (2)

- 1.1.2 Interpreteer die minusteken (-) wat by die twee saldobedrae gebruik is. (2)

- 1.1.3 Bereken die ontbrekende waarde A. (3)

- 1.1.4 Bepaal die totale salarisdeposito's vir hierdie staat. (2)

- 1.1.5 1 Februarie 2016 was 'n Maandag.

Bepaal die getal weeksdae (naweke uitgesluit) wat deur die tydperk in die bankstaat gedek word.

(3)

- 1.1.6 Bereken die kontantonttrekkingsfooi vir 'n bedrag van R5 490,00 wat by 'n ander bank se OTM onttrek is. (3)

- 1.1.7 Noem of die debietorder wat op 15 Februarie 2016 gemaak is, intern of ekstern was. (2)

- 1.2

BBC Bank het twee verskillende rentekoerse vir vaste deposito's, afhangende van die bedrag geld wat belê word. TABEL 2 hieronder toon die jaarlikse rentekoerse vir verskillende bedrae wat belê word.

**TABEL 2: JAARLIKSE RENTEKOERSE 2015/2016**

| BEDRAG BELÊ       | JAARLIKSE RENTEKOERS |
|-------------------|----------------------|
| Minder as R10 000 | 6,4%                 |
| Meer as R10 000   | 7,4%                 |

[Aangepas uit [www.standardbank.co.za](http://www.standardbank.co.za)]

Gebruik TABEL 2 hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 1.2.1 Mn. Simmons het R9 500 op 1 Januarie 2015 in 'n BBC-bankrekening belê.

Toon dat die finale bedrag in sy rekening ná een jaar R10 108 sal wees. (3)

- 1.2.2 Mn. Simmons het die bedrag van R10 108 vir 'n verdere ses maande belê.

Bepaal vervolgens die finale bedrag in sy rekening aan die einde van die ses maande.

(4)

1.3 Die eienaar van 'n klein sakeonderneming neem huishulpe in diens.

TABEL 3 hieronder toon die minimum loontarief vir huishulpe wat in diens geneem is.

**TABEL 3: MINIMUM LOONTARIEF VIR HUISHULPE WAT MEER AS 27 UUR PER WEEK WERK**

|                   | MINIMUM LOONTARIEF (IN RAND) |                              |
|-------------------|------------------------------|------------------------------|
|                   | 1 Des. 2014 tot 30 Nov. 2015 | 1 Des. 2015 tot 30 Nov. 2016 |
| <b>Uurlik</b>     | 10,59                        | 11,44                        |
| <b>Weeklik</b>    | 476,55                       | 514,80                       |
| <b>Maandeliks</b> | 2 065,05                     | <b>B</b>                     |

[Bron: [www.labour.gov.za](http://www.labour.gov.za)]

Gebruik TABEL 3 hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 1.3.1 Definieer die term *inflasie*. (2)
- 1.3.2 Gebruik die minimum uurlikse tarief om te toon dat die minimum weeklikse tarief in die tabel vir 'n 45 uur-werksweek is. (2)
- 1.3.3 Bepaal die ontbrekende waarde **B**.

Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Minimum maandelikse tarief} = \frac{r \times w}{12}$$

waar **r** = minimum weeklikse tarief

**w** = getal weke in 'n jaar (3)

- 1.3.4 Die maatskappy het 15 huishulpe in November 2016 in diens geneem wat elk 'n totaal van 40 uur vir vyf dae gewerk het.
- (a) Bereken die totale minimumloon wat ELK van hierdie huishulpe vir die vyf dae betaal moet word. (2)
- (b) Bepaal die werklikeuurlikse tarief wat aan hierdie huishulpe betaal is as elke huishulp 'n totaleloon van R550,90 vir die vyf dae ontvang het. (2)
- [35]

## VRAAG 2

- 2.1 Die program vir die velditems van 'n atletiekbyeenkoms wat op 12 Februarie 2016 gehou is, word in BYLAE B getoon.

Gebruik BYLAE B om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 2.1.1 Daar word verwag dat dit 'n maksimum van 25 minute sal neem om die laaste velditems op die program te voltooi.

Bepaal die totale tyd vanaf die begin van die byeenkoms tot aan die einde van die laaste velditem. (4)

- 2.1.2 Bereken die verskil in massa tussen die spiese wat deur 'n 19-jarige seun en 'n 15-jarige seun gebruik word. (2)

- 2.1.3 Thabo, gebore in Januarie 1999, is 'n gewigstoot-atleet wat aan die atletiekbyeenkoms deelgeneem het.

Bepaal Thabo se ouderdom (in jaar) en dui ook sy item se tyd aan. (3)

- 2.2 Die atletiekafrigerter gebruik LMI(liggaamsmassa-indeks)-berekening om atlete raad te gee oor gesikte diête.

TABEL 4 hieronder toon die LMI en ooreenstemmende gewigstatus.

**TABEL 4: LMI EN OOREENSTEMMENDE GEWIGSTATUS**

| GEWIGSTATUS                 |               |           |           |                  |
|-----------------------------|---------------|-----------|-----------|------------------|
| ONDER-GEWIG                 | NORMALE GEWIG | OOR-GEWIG | VETSUGTIG | UITERS VETSUGTIG |
|                             |               |           |           |                  |
| LMI (in kg/m <sup>2</sup> ) | 0–18,4        | 18,5–24,9 | 25–29,9   | 30–34,9          |

Thabo is 6 voet, 3 duim lank en sy LMI is tans 33,9 kg/m<sup>2</sup>.

Die volgende herleiding mag gebruik word: 1 voet = 12 duim

[Bron: [www.weightwatch.com](http://www.weightwatch.com)]

Gebruik TABEL 4 en die inligting wat gegee is om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 2.2.1 Noem Thabo se huidige gewigstatus. (2)

- 2.2.2 Thabo het sy afrigerter se raad oor die dieet gevolg om 'n verlangde gewig van 200 pond te bereik.


Bereken Thabo se nuwe LMI (afgerond tot die naaste heelgetal), gebaseer op hierdie verlangde gewig.

Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{LMI (kg/m}^2\text{)} = \frac{\text{gewig in pond}}{(\text{lengte in duim})^2} \times 703 \quad (5)$$

2.3

Die podium by die atletiekbyeenkoms vir die 1<sup>ste</sup>, 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup> plekke het bestaan uit reghoekige blokke van verskillende hoogtes, met vierkantige basisse, soos in die skets hieronder getoon.



[Bron: <http://lumberjocks.com>]

2.3.1 Bepaal die totale lengte (in meter) van die podium. (2)

2.3.2 Die verhouding van die hoogtes van hierdie blokke (vir die 1<sup>ste</sup>, 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup> plekke) is 5 : 4 : 3.

Bepaal die ontbrekende waarde C. (3)

2.3.3 Bereken die volume (in  $\text{cm}^3$ ) van die blok vir die 1<sup>ste</sup> posisie.

Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Volume van 'n reghoekige prisma} = \text{lengte} \times \text{breedte} \times \text{hoogte} \quad (3)$$

2.3.4 Die verf benodig vir die boonste oppervlak van die podium, word in 500 mL silindriese blikke met 'n radius van 3,77 cm verkoop.

Bereken die hoogte (afgerond tot die naaste cm) van die silindriese blik.

Jy mag die volgende formule en herleiding gebruik:

$$\text{Hoogte van silinder} = \frac{\text{Volume}}{\pi \times (\text{radius})^2} \quad \text{gebruik } \pi = 3,142$$

$$1 \ell = 1000 \text{ cm}^3$$

(4)

[28]

### VRAAG 3

3.1 Lesogo werk in Lesotho. Sy beplan om vanaf Lesotho na Kaapstad te reis en om een nag in Smithfield oor te bly om by haar vriendin te kuier. Die roetekaart vanaf Lesotho na Kaapstad, saam met 'n inlegkaart, word in BYLAE C gegee.

Gebruik BYLAE C om die vrae wat volg, te beantwoord,

3.1.1 Lesogo reis vanaf Wepener in 'n suidwestelike rigting.

Noem die tweede dorp op die roetekaart waar sy sal verbyry.

(2)

3.1.2 Lesogo se vriendin het vir haar 'n stel aanwysings na die Bibas-restaurant gegee. Gebruik die inlegkaart en voltooi die volgende aanwysings. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die ooreenstemmende letter ((a)–(c)) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

- Vanaf die R701, draai (a) ... op die N6.
- Kort nadat jy by die polisiestasie verbygery het, draai links in (b) ... -straat.
- Bibas sal aan jou (c) ... wees.

(3)

3.1.3 Noem die nasionale pad op die roetekaart wat nie op die inlegkaart getoon word nie.

(2)

3.1.4 Identifiseer AL die provinsiale paaie wat gebruik kan word om naby die Gariepdam te kom.

(3)

3.1.5 Noem die dorpe wat op die langste roete vanaf Wepener na Colesberg geleë is, sonder om op die N1 te reis.

(3)

3.1.6 Die werklike afstand vanaf Smithfield na Bethulie is 72,9 km.

Bepaal die skaal van die kaart in die vorm 10 : ...

(4)

3.2 Die diagram op BYLAE D verteenwoordig die stemproses en die uitleg van 'n stemlokaal.

Bestudeer die diagram op BYLAE D om die vrae wat volg, te beantwoord.

3.2.1 Bepaal die minimum getal verkiesingsbeamptes wat vir 'n stemlokaal benodig word.

(2)

3.2.2 Noem die horlosierigting waarin die kiesers vanaf die ingangspunt tot by die uitgangspunt sal beweeg.

(2)

3.2.3 Noem die tweede laaste punt wat 'n kieser by die stemlokaal sal besoek.

(2)

[23]

## **VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die volgende vyf beskrywings:

- A Die som van die datastelwaardes gedeel deur die getal data-items
- B Die middelwaarde in die boonste helfte van die geordende datastel
- C Datawaardes wat in stygende of dalende volgorde gerangskik is
- D Die middelwaarde in die onderste helfte van die geordende datastel
- E Die middelwaarde van die geordende datastel

Noem watter EEN van die beskrywings hierbo elk van die volgende die BESTE beskryf. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.2) neer.

4.1.1 Mediaan (2)

4.1.2 Boonste kwartiel (2)

4.2

Die skoolgebaseerde assessering (SGA)-punte en persentasies van die tien leerders van 'n spesifieke skool wat in 2016 die swakste in Wiskundige Geletterdheid presteer het, word in TABEL 5 hieronder voorgestel.

**TABEL 5: SGA-PUNTE VIR WISKUNDIGE GELETTERDHEID VIR 2016 VAN DIE TIEN LEERDERS WAT DIE SWAKSTE PRESTEER HET**

| LEERDER | GETAL ASSESSERINGSTAKE GESKRYF | TOTALE PUNTE VERWERF | WERKLIKE SGA-PERSENTASIEPUNT (AFGEROND) |
|---------|--------------------------------|----------------------|---|
| A       | 7                              | 162                  | 46                                      |
| B       | 7                              | 168                  | 48                                      |
| C       | 5                              | 118                  | 34                                      |
| D       | 5                              | 109                  | 31                                      |
| E       | 7                              | 137                  | 39                                      |
| F       | 6                              | 146                  | 42                                      |
| G       | 3                              | 72                   | 21                                      |
| H       | 6                              | 144                  | 41                                      |
| I       | 6                              | 144                  | 41                                      |
| J       | 6                              | 137                  | 39                                      |

**Inligting oor SGA-punte:**

- Die totale punt vir elke taak is 50.
- Die werklike SGA-persentasiepunt word uit 'n maksimum van 350 punte bereken.
- Die SGA-persentasiepunte van kandidate wat geldige redes voorlê waarom 'n taak nie geskryf is nie, sal aangepas word. Die herberekening van die SGA-persentasiepunt sal slegs op die werklike take wat geskryf is, gebaseer word.

Gebruik TABEL 5 en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 4.2.1 Bepaal die waarskynlikheid (as 'n persentasie) om willekeurig 'n leerder in die tabel te kies wat al die assesseringstake geskryf het. (3)
- 4.2.2 Bepaal die mediaan totale punt. (3)
- 4.2.3 Skryf die modale werklike SGA-persentasiepunt neer. (2)
- 4.2.4 Watter leerder het die laagste werklike SGA-persentasiepunt behaal? (2)
- 4.2.5 Bereken die gemiddelde werklike SGA-persentasiepunt. (3)
- 4.2.6 Leerder J het 'n geldige mediese sertifikaat voorgelê vir die dag waarop hy sy een taak gemis het en kwalifiseer vir 'n aangepaste SGA-persentasiepunt.
- Bepaal hierdie leerder se aangepaste SGA-persentasiepunt. (3)

4.3

'n Gedeelte van die 2015 beraamde halfjaarlikse bevolkingskatting volgens ras, geslag en ouderdom van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) word in TABEL 6 hieronder voorgestel. Die beraamde halfjaarlikse totale bevolking van Suid-Afrika vir 2015 was 54 957 764.

**TABEL 6: 2015 BERAAMDE HALFJAARLIKSE BEVOLKINGSKATTING VOLGENS RAS, GESLAG EN OUDERDOM VAN RSA**

| OUDER-DOM     | KLEURLINGE       |                  |           | INDIËRS/ASIATE |                |                  |
|---------------|------------------|------------------|-----------|----------------|----------------|------------------|
|               | MANLIK           | VROULIK          | TOTAAL    | MANLIK         | VROULIK        | TOTAAL           |
| 0–4           | 214 854          | 211 302          | 426 156   | 50 222         | 48 486         | 98 708           |
| 5–9           | 216 858          | 213 809          | 430 667   | 49 265         | 47 800         | 97 065           |
| 10–14         | 217 286          | 214 494          | 431 779   | 47 267         | 46 245         | 93 512           |
| 15–19         | 219 989          | 217 423          | 437 412   | 49 926         | 49 926         | 99 852           |
| 20–39         | 768 179          | 790 707          | 1 558 886 | 246 359        | 220 927        | 467 286          |
| 40–59         | 540 749          | 610 026          | 1 150 775 | 176 079        | 168 398        | 344 477          |
| 60–79         | 148 759          | 216 786          | 365 544   | 65 156         | 83 582         | 148 738          |
| 80+           | 8 145            | 23 553           | 31 698    | 3 847          | 9 363          | 13 210           |
| <b>TOTAAL</b> | <b>2 334 819</b> | <b>2 498 098</b> | <b>Y</b>  | <b>688 118</b> | <b>674 730</b> | <b>1 362 848</b> |

[Bron: Aangepas uit *STATS SA-verslag*, bl. 302]

Gebruik TABEL 6 en die inligting hierbo om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.3.1 Watter EEN van die volgende verteenwoordig die beraamde 2015 halfjaarlikse totale bevolking?

- A Vier en vyftig miljoen, nege honderd vyf en sewentig duisend, sewe honderd vier en sestig
- B Vier en vyftig miljoen, nege honderd sewe en vyftig duisend, sewe honderd vier en sestig
- C Vier en vyftig miljoen, nege honderd sewe en vyftig duisend, sewe honderd ses en veertig

(2)

4.3.2 Identifiseer die ras- en ouderdomsgroep wat beide dieselfde getal mans en vroue het.

(2)

4.3.3 Bereken die ontbrekende waarde Y.

(2)

4.3.4 Bepaal die waarskynlikheid (as 'n persentasie) om willekeurig 'n kleurlingman uit die totale bevolking te kies.

(3)

4.3.5 Druk die verhouding (in eenvoudigste vorm) van die getal Asiatiese vroue teenoor die getal Asiatiese mans uit.

(3)

4.3.6 Bereken die getal kleurlingvroue as 'n persentasie van die totale bevolking teen die middel van 2015.

(3)

4.3.7 Watter ouderdomsgroep het die grootste aantal mense?

(2)

4.3.8 Noem watter EEN van die volgende grafiese voorstellinge die geskikste sal wees om die data in TABEL 6 voor te stel:

- A Sirkeldiagram
- B Staafgrafiek
- C Spreidingsgrafiek
- D Mond-en-snordiagram

(2)

[39]

## VRAAG 5

- 5.1 BusinessTech vergelyk jaarliks die prys van 'n mandjie met uitgesoekte produkte van vier vername supermarkte in Suid-Afrika.

TABEL 7 in BYLAE E toon die vergelykende pryse in Junie 2015 vir 'n mandjie met 15 uitgesoekte produkte van hierdie supermarkte.

Gebruik TABEL 7 op BYLAE E om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 5.1.1 Watter EEN van die supermarkte bied die laagste totale prys vir die mandjie met uitgesoekte produkte? (2)
- 5.1.2 Bereken die ontbrekende waarde X. (2)
- 5.1.3 Bereken die verskil in prys van 'n 2 ℓ-Coke by Spar en Pick n Pay. (2)
- 5.1.4 Bepaal hoeveel van die uitgesoekte produkte by Woolworths duurder as by die ander supermarkte is. (2)
- 5.1.5 Skryf die uitgesoekte produkte neer wat dieselfde by Checkers en Pick n Pay kos. (3)
- 5.1.6 Noem die uitgesoekte produk by Woolworths wat meer as dubbel die prys by Spar is. (2)
- 5.1.7 Bereken die verskil in die totale prys tussen die supermarkte met die hoogste en laagste prys vir 2,5 kg hoender. (5)

- 5.2 Die vergelyking van die mandjies met produkte is afhanglik van die items wat geselekteer is.

BusinessTech het 'n tweede mandjie met produkte gebruik waar al die items wat per kg verkoop word, verwyder is. Die inligtingsgrafieke in BYLAE E illustreer die totale prys van 'n mandjie met 15 produkte en die totale prys van 'n tweede mandjie met produkte wat al die items wat per kg verkoop word, uitsluit.

Gebruik die inligtingsgrafieke in BYLAE E om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 5.2.1 Identifiseer die supermark met die tweede laagste prys vir die tweede mandjie. (2)
- 5.2.2 Noem die supermark waarvan die rangorde dieselfde gebly het vir beide mandjies. (2)
- 5.2.3 Bereken die grootste verskil in die totale pryse van die twee mandjies by die supermarkte. (3)

[25]

**TOTAAL:** **150**

# Bylae

BYLAE A

## VRAAG 1.1

Mnr. RS Simons  
Marikana 144  
Bloemhof

BBC Bank  
Posbus 62325  
Marshall  
26 Februarie 2016

**BANKSTAAT vir die tydperk 11 Februarie 2016 tot 26 Februarie 2016**

Lopende rekening, Nommer 0405209

| Transaksie                                     | Diens-gelde | Debiete    | Krediete  | Datum   | Saldo      |
|--|-------------|------------|-----------|---------|------------|
| Saldo oorgebring                               |             |            |           |         | 4 050,83 – |
| Salaris 9123                                   |             | 1 285,17   |           | 11 Feb. | 2 765,66 – |
| Salaris 9038                                   |             | 8 906,94   |           | 11 Feb. | A          |
| Debietkaartaankope en kontant R1 000,00 by VP  |             | 1 097,96 – |           | 11 Feb. | 5 043,32   |
| Geld vir debietkaartaankope en kontant         |             | 5,00 –     |           | 11 Feb. | 5 038,32   |
| Kredietoordrag deur ABC Salaris 9772           |             |            | 23 004,57 | 15 Feb. | 28 042,89  |
| Debietkaartaankope en kontant: R3 000,00 by VP |             | 3 982,44 – |           | 15 Feb. | 24 060,45  |
| Debietkaartaankope Restaurant X                |             | 379,50 –   |           | 15 Feb. | 23 680,95  |
| Debietkaartaankope en kontantgelde             |             | 5,00 –     |           | 15 Feb. | 23 675,95  |
| Debietoordrag                                  | 13,10       | 479,00 –   |           | 15 Feb. | 23 196,95  |
| Rekeningbetaling                               | 13,10       | 3 188,00 – |           | 15 Feb. | 20 008,95  |
| Bank OTM-betaling aan Madika                   | 5,20        | 1 500,00 – |           | 16 Feb. | 18 508,95  |
| OTM-oordrag na ander rekening by BBC Bank      | 3,90        | 5 000,00 – |           | 16 Feb. | 13 508,95  |
| Betaling vanaf Morwesi                         |             |            | 300,00    | 26 Feb. | 13 808,95  |

**LET WEL:** Diensgelde word aan die einde van die maand afgetrek.

**TABEL 1: 2016-prysgids vir BBC Bank**

| KONTANTONTTREKKINGS                    |  |
|--|--|
|  | Toepaslike gelde                                 |
| By bank-OTM                            | R4,00 + 1,20% van waarde                         |
| By VP                                  | R5,00  |
| By 'n ander bank se OTM                | R6,70 + R4,00 + 1,20% van die onttrekkingsbedrag |
| BETALINGS/DEPOSITO'S/OORDRAGTE         |  |
|  | Toepaslike gelde                                 |
| By bank-OTM                            | R1,10  |
| By 'n ander bank se OTM                | R6,70 + R1,10                                    |
| Elektroniese tussenrekeningoorplasings | R3,90  |
| Elektroniese rekeningbetalings         | R5,20  |
| Debietkaartaankope- en kontantgelde    | R5,00  |
| Debietorder                            |  |
| • Intern                               | R4,20  |
| • Ekstern                              | R13,10   |

VP = Verkoopspunt

OTM = Outomatiese tellermasjien of 'n kontantmasjien

## BYLAE B

### VRAAG 2.1


#### ATLETIEK-VELDITEM-PROGRAM

|    | Begintyd | ITEM           | MASSA VAN DIE<br>SPORTTOERUSTING |
|----|----------|----------------|----------------------------------|
| 1  | 14:00    | D15 Hoogspring |                                  |
| 2  | 14:00    | D19 Verspring  |                                  |
| 3  | 14:00    | S15 Paalspring |                                  |
| 4  | 14:00    | D17 Paalspring |                                  |
| 5  | 14:00    | D19 Paalspring |                                  |
| 6  | 14:00    | D17 Spiesgooi  | 500 g                            |
| 7  | 14:00    | S19 Diskusgooi | 1,75 kg                          |
| 8  | 14:00    | D19 Gewigstoot | 4 kg                             |
| 9  | 14:00    | S17 Verspring  |                                  |
| 10 | 14:50    | D19 Hoogspring |                                  |
| 11 | 14:50    | S17 Spiesgooi  | 700 g                            |
| 12 | 14:50    | D17 Diskusgooi | 1 kg                             |
| 13 | 14:50    | S15 Gewigstoot | 4 kg                             |
| 14 | 14:50    | D17 Driesprong |                                  |
| 15 | 14:50    | D19 Driesprong |                                  |
| 16 | 15:05    | S15 Verspring  |                                  |
| 17 | 16:05    | D17 Hoogspring |                                  |
| 18 | 16:05    | D15 Verspring  |                                  |
| 19 | 16:05    | S15 Spiesgooi  | 600 g                            |
| 20 | 16:05    | D19 Diskusgooi | 1 kg                             |
| 21 | 16:05    | S19 Gewigstoot | 6 kg                             |
| 22 | 16:05    | S19 Paalspring |                                  |
| 23 | 17:00    | S17 Hoogspring |                                  |
| 24 | 17:00    | S19 Verspring  |                                  |
| 25 | 17:00    | S19 Spiesgooi  | 800 g                            |
| 26 | 17:05    | S17 Gewigstoot | 5 kg                             |
| 27 | 17:05    | D17 Verspring  |                                  |
| 28 | 17:05    | D15 Diskusgooi | 1 kg                             |
| 29 | 18:15    | S17 Driesprong |                                  |
| 30 | 18:15    | S19 Driesprong |                                  |
| 31 | 18:15    | S17 Paalspring |                                  |
| 32 | 18:15    | S15 Diskusgooi | 1 kg                             |
| 33 | 18:15    | D19 Spiesgooi  | 600 g                            |
| 34 | 18:15    | D15 Gewigstoot | 3 kg                             |
| 35 | 18:15    | S19 Hoogspring |                                  |

**LET WEL:** D15 verteenwoordig dogters wat 14 of 15 jaar oud is.  
 D17 verteenwoordig dogters wat 16 of 17 jaar oud is.  
 D19 verteenwoordig dogters wat 18 of 19 jaar oud is.  
 S15 verteenwoordig seuns wat 14 of 15 jaar oud is.  
 S17 verteenwoordig seuns wat 16 of 17 jaar oud is.  
 S19 verteenwoordig seuns wat 18 of 19 jaar oud is.

## BYLAE C

### VRAAG 3.1




[Aangepas uit [pula-house.com](http://pula-house.com)]

## BYLAE D

### VRAAG 3.2



### DIE VERKIESINGSPROSSES EN UITLEG VAN DIE STEMLOKAAL



### SLEUTEL TOT DIE PROSES

#### 1 In die tou:

'n Verkiesingsbeampte sal ID kontroleer om registrasie te verifieer.

#### 2 By die deur:

'n Verkiesingsbeampte sal ID skandeer deur 'n zip-zip-masjien (eZiskan) te gebruik en sal 'n masjienstrokje uitreik.

#### 3 By die kieserslystafel:

Masjienstrokje word aan kieserslysbeampte oorhandig.

#### 4 By die inktafel:

'n Verkiesingsbeampte sal 'n klein inkmerkje op jou linkerduumnaal maak.

#### 5 By die stembrieftafel:

Stembrieve sal uitgereik word.

#### 6 By die stemhokkie:

Werklike stemming vind in die geheim plaas.

#### 7 By die stembus:

Plaas stembrief in diehouer.

#### 8 Verlaat stemlokaal

[Aangepas uit [www.iec.co.za](http://www.iec.co.za)]

| Sleutel: | Party-agent/Waarnemer | Verkiesingsbeampte |
|----------|-----------------------|--------------------|
|          |                       |                    |

## BYLAE E

### VRAAG 5.1


TABEL 7: VERGELYKING VAN PRYSE VAN 15 UITGESOEKTE PRODUKTE WAT BY VIER SUPERMARKTE GEKOOP IS

| PRODUK                 | NAAM VAN SUPERMARKT |                |                |                |
|------------------------|---------------------|----------------|----------------|----------------|
|                        | Woolworths          | Pick n Pay     | Spar           | Checkers       |
| Appels 1,5 kg, sak     | R14,99              | R16,50         | R19,99         | R16,99         |
| Brood, bruin           | R11,95              | R6,50          | R7,99          | R8,99          |
| Kool, een kop          | R12,99              | R10,99         | R14,99         | R10,99         |
| Kaas per kg            | R97,95              | R123,33        | R89,99         | R94,90         |
| Hoender per kg         | R49,99              | R36,00         | R46,99         | R39,99         |
| Coca Cola per 2 ℥      | R15,95              | R13,50         | R15,99         | R12,99         |
| Eiers, 6 ekstra groot  | R20,99              | R12,95         | R9,99          | R16,99         |
| Meel 2,5 kg, bruismeel | R34,90              | R32,99         | R31,99         | R29,99         |
| Mielies 2,5 kg, sak    | R18,95              | R17,49         | X              | R15,99         |
| Margarien 500 g        | R23,99              | R17,95         | R19,99         | R15,49         |
| Melk per 2 ℥, volroom  | R27,95              | R22,79         | R25,99         | R22,79         |
| Maalvleis per kg       | R79,99              | R84,99         | R76,99         | R62,99         |
| Rys 2 kg               | R22,95              | R18,29         | R19,99         | R19,99         |
| Suiker 2,5 kg, wit     | R29,95              | R23,90         | R23,99         | R27,99         |
| Tee, 100 teesakkies    | R15,95              | R14,89         | R17,99         | R18,99         |
| <b>TOTAAL</b>          | <b>R479,44</b>      | <b>R453,06</b> | <b>R440,85</b> | <b>R416,06</b> |


[Bron: [www.businessstech.co.za](http://www.businessstech.co.za)]

### VRAAG 5.2

Inligtingsgrafiek wat die totale prys van 'n mandjie met 15 produkte toon



Inligtingsgrafiek wat die totale prys van 'n mandjie met goedere toon uitgesluit alle items verkoop per kg



# Memo

## VRAAG 1 [35 punte]

| Vraag | Oplossing   | Verduideliking  | Onderw/V |
|-------|---|---|----------|
| 1.1.1 | Bedrag gedeponeer/betaal ✓✓A<br><b>OF</b><br>Betalings in bankrekening ✓✓A  | 2A definisie<br>(2)   | F<br>L1  |
| 1.1.2 | Bedrag verskuldig aan die bank ✓✓O<br><b>OF</b><br>Oortrokke / geleen vanaf die bank ✓✓O<br><b>OF</b><br>Geld wat gebruik word meer as die beskikbare saldo ✓✓O   | 2O interpretasie<br>(2)   | F<br>L1  |
| 1.1.3 | $\begin{aligned} A &= R8\ 906,94 - 2\ 765,66 \quad \checkmark M \\ &= R6\ 141,28 \quad \checkmark CA \\ &\quad \textbf{OF} \\ &\quad \checkmark M \quad \checkmark A \\ A &= - 2\ 765,66 + R8\ 906,94 \\ &= R6\ 141,28 \quad \checkmark CA \end{aligned}$ | 1M optelling<br>1A korrekte waardes<br>1CA waarde van A<br><b>OF</b><br>1M optelling<br>1A korrekte waardes<br>1CA waarde vir A<br><b>AO</b><br>(3) | F<br>L2  |
| 1.1.4 | Totale salarisdeposito's<br>$\begin{aligned} &\quad \checkmark MA \\ &= R1\ 285,17 + R8\ 906,94 + R23\ 004,57 \\ &= R33\ 196,68 \quad \checkmark CA \end{aligned}$  | 1MA optel van al die waardes<br>1CA vereenvoudiging (indien een waarde uitgelaat)<br><b>AO</b><br>(1 waarde weggelaat maks 1)<br>(2)                | F<br>L1  |
| 1.1.5 | 11 Februarie was 'n Donderdag ✓M<br>26 Februarie was 'n Vrydag ✓A<br>Totale aantal weeksdae = 12 ✓CA  | 1M identifiseer weekdag<br>1A weekdag<br>1CA dae<br><b>AO</b><br>(11 dae 1 punt vir AO maar 2 punte indien berekening getoon word)<br>(3)           | M<br>L1  |

| Vraag | Oplossing  | Verduideliking  | Onderw/V |
|-------|--|---|----------|
| 1.1.6 | Kontantontrekkingsfooi ✓MA<br>= R6,70 + R4,00 + 1,20% × R5 490,00<br><br>= R6,70 + R4,00 + R65,88 ✓S<br><br>= R76,58 ✓CA   | 1MA<br>optelling/vermenigvuldiging<br>1S vereenvoudiging<br><br>1CA bedrag<br><b>AO</b><br>(Maks 2 punte indien R6,70 weggelaat is)<br>(Maks 1 punt indien R6,70 en R4,00 weggelaat is)<br>(3)              | F<br>L2  |
| 1.1.7 | Ekstern ✓✓A  | 2A bewering<br>(2)  | F<br>L1  |
| 1.2.1 | Bedrag geld in rekening na 'n jaar<br>✓ A ✓ M ✓ RT<br>= R9 500 × 106,4%<br><br>= R10 108<br><b>OF</b><br><br>Bedrag rente verdien na 'n jaar<br>✓ RT<br>= R9 500 × 6,4% = R608<br><br>Bedrag geld in rekening na 'n jaar<br>✓ M ✓ A<br>= R9 500 + R608<br><br>= R10 108      | 1RT lees vanaf tabel<br>1M optel van persentasies<br>1A vermenigvuldig korrekte waardes<br><br><b>OF</b><br><br>1RT lees vanaf tabel<br><br>1M optel van rente<br>1A vermenigvuldig korrekte waardes<br>(3) | F<br>L2  |
| 1.2.2 | Rente vir ses maande<br><br>✓ RT<br>= 7,4% ÷ 2<br><br>= 3,7% ✓ A<br><br>Bedrag rente verdien na ses maande<br><br>= R10 108 × 3,7%<br><br>= R374 ✓ CA<br><br>Bedrag geld in die rekening na nog ses maande<br><br>= R10 108 + R374<br><br>= R10 482,00 ✓ CA<br><br><b>OF</b> | 1RT lees korrekte waarde (7,4%) vanaf tabel<br><br>1A berekening van 6 maande se rentekoers<br><br>1CA vir rente<br><br>1CA vir bedrag plus rente<br><br><b>OF</b>  | F<br>L2  |

| Vraag | Oplossing  | Verduideliking   | Onderw/V |
|-------|--|--|----------|
|       | <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>Rente vir ses maande<br/> <math>\checkmark \text{RT}</math><br/> <math>= 7,4\% \div 2 = 3,7\% \checkmark \text{CA}</math></p> <p>Bedrag geld in die rekening na nog ses maande<br/> <math>= 1,037 \times \text{R}10\ 108 \checkmark \text{M}</math><br/> <math>= \text{R}10\ 482,00 \checkmark \text{CA}</math></p>  | <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>1RT lees korrekte waarde (7,4%) vanaf tabel<br/> 1CA berekening van 6 maande se rentekoers</p> <p>1M optel en vermenigvuldiging van rente<br/> 1CA bedrag plus rente</p> <p><b>AO</b></p>              |          |
|       |  |  | (4)      |
| 1.3.1 | <p style="text-align: center;"><b>✓O</b></p> <p>Die toename in die prys van goedere en dienste van een jaar tot 'n volgende jaar</p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>Inflasie is die verhoging in die pryse van goedere en dienste oor 'n tydperk.</p>   | <p>1O toename / verhoging<br/> 1O prys of goedere of dienste</p>   | F<br>L1  |
|       |  |  | (2)      |
| 1.3.2 | <p>Getal ure gewerk = <math>\frac{514,80}{11,44} \checkmark \text{A}</math> <b>OF</b> <math>\frac{476,55}{10,59} \checkmark \text{A}</math></p> $= 45$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>Maandelikse lone = <math>45 \times \text{R}11,44 \checkmark \text{A}</math> <b>OF</b> <math>45 \times \text{R}10,59 \checkmark \text{A}</math></p> $= \text{R}514,80 \checkmark \text{A} \quad = \text{R}476,55 \checkmark \text{A}$                | <p>1A teller<br/> 1A noemer</p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>1A ure<br/> 1A koers</p>   | F<br>L1  |
|       |  |  | (2)      |
| 1.3.3 | <p>Minimum maandelikse tarief (B) <math>= \frac{r \times w}{12}</math></p> $= \frac{514,80 \times 52}{12} \checkmark \text{SF} \quad \checkmark \text{A}$ $= 2\ 230,80 \checkmark \text{CA}$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>Minimum maandelikse tarief (B)<br/> <math>\checkmark \text{MA} \quad \checkmark \text{MA}</math><br/> <math>= 2\ 065,05 \div 10,59 \times 11,44</math><br/> <math>= 2\ 230,80 \checkmark \text{CA}</math></p> | <p>1SF vervanging korrekte waardes</p> <p>1A vermenigvuldiging met 52</p> <p>1CA vereenvoudiging</p> <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>1MA deling deur 10,59<br/> 1MA vermenigvuldig 11,44<br/> 1CA vereenvoudiging</p> <p><b>AO</b></p> | F<br>L2  |
|       |  |  | (3)      |
|       |  | ( $4 \times 514,80 = \text{R}2059,2$ )<br>Maks 1 punt  |          |

| Vraag        | Oplossing   | Verduideliking   | Onderw/V |
|--------------|---|--|----------|
| 1.3.4<br>(a) | <p>Totale minimum loon = <math>40 \text{ ure} \times R11,44 \text{ per uur}</math><br/> <math>= R457,60 \quad \checkmark \text{ CA}</math></p>  | <p>1MA vermenigvuldiging<br/> 1CA vereenvoudiging<br/> <b>AO</b><br/> (2)</p>                      | F<br>L1  |
| 1.3.4<br>(b) | <p>Uurlikse tarief vir een huiswerker<br/> <math>= \frac{R550,90}{40 \text{ uur}} \checkmark \text{ M}</math><br/> <math>= R13,7725 \text{ per uur}</math><br/> <math>= R13,77 \text{ per uur}</math></p> | <p>1M deling van werklike ure<br/> 1CA uurlikse tarief<br/> <b>AO</b><br/> <b>NPR</b><br/> (2)</p> | F<br>L2  |
|              |   | [35]   |          |

| VRAAG 2 [28 punte] |   |   |          |
|--------------------|---|---|----------|
| Vraag              | Oplossing   | Verduideliking  | Onderw/V |
| 2.1.1              | <p>Eindtyd = <math>18:15 + 25 \text{ min}</math><br/> <math>= 18:40</math> ✓MA ✓A</p> <p>Tyd eenkant gesit = tyd van 14:00 tot 18:40 ✓M</p> $= 4 \text{ uur } 40 \text{ min} \text{ of } 4 \frac{2}{3} \text{ uur of } 4,67 \text{ uur}$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>Tyd eenkant gesit vir die begin van die laaste items<br/> <math>= \text{tyd van } 14:00 \text{ tot } 18:15</math> ✓A</p> $= 4 \text{ uur } 15 \text{ min} \quad \checkmark \text{MA}$ <p>Tyd eenkant gesit = <math>4 \text{ uur } 15 \text{ min} + 25 \text{ min}</math> ✓M</p> $= 4 \text{ uur } 40 \text{ min} \text{ of } 4 \frac{2}{3} \text{ uur of } 4,67 \text{ uur}$ | <p>1MA bereken eindtyd<br/> 1A gebruik tyd op tabel<br/> 1M aftrekking</p> <p>1CA totale tyd</p> <p>1A gebruik tyd op tabel</p> <p>1MA bereken tyd</p> <p>1M optelling</p> <p>1CA totale tyd</p> <p><b>AO</b></p> <p>(4)<br/> [tyd (25 min) weggelaat maks 3 punte]</p> | M<br>L2  |
| 2.1.2              | <p>Verskil in massa = <math>800 \text{ g} - 600 \text{ g}</math> ✓MA<br/> <math>= 200 \text{ g}</math> ✓CA</p>  | <p>1MA aftrekking korrekte massas<br/> (waardes omgeruil geen penalisasie)</p> <p>1CA massa<br/> (net korrekte massas slegs 1 punt)</p> <p><b>AO</b></p>  | M<br>L1  |
| 2.1.3              | <p>17 jaar ✓A<br/> 17:05 ✓✓RT</p>   | <p>1A korrekte ouderdom<br/> 2RT lees vanaf tabel</p> <p>(3)<br/> 18 jaar 16:05 (Maks 2 punte vir 16:05)</p>  | M<br>L2  |
| 2.2.1              | Vetsugtig ✓✓RT  | 2RT gewigstatus   | M<br>L1  |
| 2.2.2              | <p>Hoogte in duim = <math>6 \times 12 + 3</math></p> $= 75 \quad \left. \right\} \quad \checkmark M$ <p><math>LMI = \frac{200}{75 \times 75} \checkmark SF \times 703 \checkmark C</math></p> $\checkmark CA = 24,99556 = 25 \checkmark R$  | <p>1M vermenigvuldig/optel</p> <p>1C herleiding<br/> 1SF vervanging<br/> 1CA vereenvoudiging<br/> 1R afronding</p> <p><b>AO</b></p>   | M<br>L2  |

| Vraag | Oplossing  | Verduideliking  | OnderwV        |
|-------|--|---|----------------|
| 2.3.1 | <p>Totale lengte van podium</p> $= 50 \text{ cm} + 50 \text{ cm} + 50 \text{ cm} \quad \checkmark M$ $= 150 \text{ cm} \div 100$ $= 1,5 \text{ m} \quad \checkmark C$  | <p>1M optelling</p> <p>1C herleiding na m</p> <p><b>AO</b></p>  | M<br>L2<br>(2) |
| 2.3.2 | $C = 37,5 \div 5 \times 4 \quad \checkmark M$ $= 30 \text{ cm} \quad \checkmark A$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> $C = 22,5 \div 3 \times 4 \quad \checkmark M$ $= 30 \text{ cm} \quad \checkmark A$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> <p>Aantal dele <math>= 5 + 4 + 3 = 12</math></p> $\frac{5}{12} \times \text{totale hoogte van podium} = 37,5 \quad \checkmark M$ $\text{totale hoogte van podium} = \frac{450}{5}$ $= 90 \quad \checkmark A$ $C = 90 - 37,5 - 22,5 \quad \text{OF} \quad C = \frac{4}{12} \times 90$ $= 30 \quad \checkmark A$ | <p>1A korrekte waardes<br/>1M gebruik verhouding</p> <p>1A vereenvoudiging</p> <p><b>OF</b></p> <p>1A korrekte waardes<br/>1M gebruik verhouding</p> <p>1A vereenvoudiging</p> <p>1M gebruik verhouding</p> <p>1A hoogte van podium</p> <p>1A vereenvoudiging<br/><b>AO</b></p> | M<br>L2<br>(3) |
| 2.3.3 | <p>Volume <math>= \text{lengte} \times \text{breedte} \times \text{hoogte}</math></p> $= 50 \text{ cm} \times 50 \text{ cm} \times 37,5 \text{ cm} \quad \checkmark SF$ $= 93\ 750 \text{ cm}^3 \quad \checkmark A$  | <p>1SF vervanging<br/>1CA volume<br/>1A eenheid<br/><b>OA</b></p>   | M<br>L2<br>(3) |

| Vraag | Oplossing  | Verduideliking  | Onderw/V |
|-------|--|---|----------|
| 2.3.4 | $500 \text{ ml} = 500 \text{ cm}^3 \quad \checkmark C$<br>$\text{Hoogte} = \frac{500\text{cm}^3}{3,142 \times (3,77)^2 \text{cm}^2} \quad \checkmark SF$<br>$= 11,196\dots \text{ cm} \quad \checkmark CA$<br>$\approx 11 \text{ cm} \quad \checkmark R$ | 1C herleiding<br>1SF vervanging (aanvaar 500ml)<br>1CA vereenvoudiging<br>1R afronding<br>(Verkeerde herleiding maks 3 punte)<br><b>OA</b><br>(4) | M<br>L2  |
|       |  | [28]  |          |

| VRAAG 3 [23 punte] |   |   |          |
|--------------------|---|---|----------|
| Vraag              | Oplossing   | Verduideliking  | Onderw/V |
| 3.1.1              | Bethulie ✓✓A  | 2A Korrekte dorp<br>(2)   | MP<br>L1 |
| 3.1.2              | (a) links/oos ✓ A<br>(b) Douglas ✓ A<br>(c) regterkant ✓ A                                    | 1A korrekte rigting<br>1A korrekte straat<br>1A korrekte kant<br>(3)  | MP<br>L1 |
| 3.1.3              | N1 ✓✓A  | 2A Nasionale pad<br>(2)   | MP<br>L1 |
| 3.1.4              | ✓ A R701 , ✓ A R390 , ✓ A R58<br>OF slegs R58 ✓ ✓✓A   | 3A provinsiale paaie<br>(3)   | MP<br>L1 |
| 3.1.5              | ✓ A Zastron, ✓ A Rouxville, ✓ A Smithfield, ✓ A Bethulie en Venterstad                        | 1A eerste dorp<br>1A volgende dorpe<br>1A laaste drie dorpe<br>(3)  | MP<br>L2 |
| 3.1.6              | Kaart : Werklikheid<br>✓ A 42 mm : 72,9 km<br>42 mm : 72 900 000 ✓C<br>10 : 17 357 142,86 ✓CA | 1A meting<br>[aanvaar 40 tot 43 mm]<br>1M skaalkonsep<br><br>1C herleiding<br><br>1CA vereenvoudig skaal<br>[Aanvaar 17 780 487,8 tot<br>16 953 488,37]<br><b>NPR</b><br>(Omgekeerde verhouding<br>maks 3 punte)<br>(4) | MP<br>L3 |
| 3.2.1              | 11 ✓✓RT   | 2RT lees vanaf diagram<br>(15 een punt)<br>(2)  | MP<br>L1 |
| 3.2.2              | Kloksgewys ✓✓A  | 2A rigting<br>(2)   | MP<br>L1 |
| 3.2.3              | Stemhakkies ✓✓A   | 2A korrekte punt<br>(2)   | M<br>L1  |
|                    |   | [23]  |          |

**VRAAG 4 [39 punte]**

| Vraag | Oplossing  | Verduideliking  | Onderw/V |
|-------|--|---|----------|
| 4.1.1 | E ✓✓A  | 2A korrekte beskrywing<br>(2)   | D<br>L1  |
| 4.1.2 | B ✓✓A  | 2A korrekte beskrywing<br>(2)   | D<br>L1  |
| 4.2.1 | $\frac{3}{10} \times 100\% \\ = 30\% \quad \checkmark CA$  | 1A teller<br>1A noemer<br>1CA persentasie<br><b>AO</b><br>(3)   | P<br>L2  |
| 4.2.2 | $\checkmark MA \\ 72; 109; 118; 137; 137; 144; 144; 146; 162; 168$<br>$\text{Mediaan} = \frac{137 + 144}{2} \quad \checkmark M \\ = 140,5 \quad \checkmark CA$   | 1MA rangskikking (stygend of dalend)<br>1M mediaan konsep<br>1CA mediaan<br><b>AO</b><br>(Verkeerde kolom gebruik maks 2 punte)<br>(3)  | L2<br>D  |
| 4.2.3 | $\checkmark A \\ 39\% \text{ en } 41\% \quad \checkmark A$   | 1A modus 1<br>1A modus 2<br>(Verkeerde kolom gebruik maks 2 punte)<br>(2)   | L1<br>D  |
| 4.2.4 | G ✓✓RT   | 2RT korrekte leerder<br>(Aanvaar 7de leerder)<br>(2)  | D<br>L1  |
| 4.2.5 | $\checkmark MA \quad \checkmark M \\ 382\% \div 10 \\ = 38,2\% \text{ of } 38\% \quad \checkmark CA$<br><br><b>OF</b><br>$\checkmark MA \\ \frac{1337}{10 \times 350} \times 100\% \quad \checkmark M \quad \checkmark CA \\ = 38,2\% \text{ of } 38\% \text{ of aanvaar } 0,382 \text{ of } 0,38$ | 1M konsep van gemiddelde<br>1MA optelling korrekte waardes<br>1CA gemiddelde % punt<br><br><b>OF</b><br>1M konsep van gemiddelde<br>1MA optelling korrekte waardes<br>1CA gemiddelde % punt<br><br><b>AO</b><br>(3) | D<br>L2  |

| Vraag  | Oplossing   | Verduideliking  | Onderw/V |
|--------|---|---|----------|
| 4.2.6  | $\text{Nuwe SBA \%} = \frac{137}{300} \times 100\% \quad \checkmark A$ $= 46\% \quad \checkmark CA$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> $\frac{137}{6} = 23 \quad \checkmark A$ $= \frac{23}{50} \times \frac{100}{1} \quad \checkmark A$ $= 46\% \quad \checkmark CA$ | 1A teller<br>1A noemer<br>1CA persentasie<br><b>OF</b><br>1A teller<br>1A noemer<br>1CA persentasie<br><b>AO</b><br><b>NPR</b><br>(3) | D<br>L2  |
| 4.3.1  | B $\checkmark \checkmark A$   | 2A korrekte stelling<br>(2)   | D<br>L1  |
| 4.3.2  | $\checkmark RT$<br>Indiër/Asiaat 15 – 19 $\checkmark RT$  | 1RT rassegroep<br>1RT ouderdomsgroep<br>(2)   | D<br>L1  |
| 4.3.3  | $Y = 2\ 334\ 819 + 2498\ 098 = 4\ 832\ 917 \quad \checkmark CA$ <p style="text-align: center;"><b>OF</b></p> $Y = 426\ 156 + 430\ 667 + 431\ 779 + 437\ 412 + \overbrace{1\ 558\ 886 + 1\ 150\ 775 + 365\ 544 + 31\ 698}^{\checkmark MA}$ $Y = 4\ 832\ 917 \checkmark CA$       | 1MA optelling<br>1CA totaal<br><b>OF</b><br>1MA optelling<br>1CA totaal<br><b>AO</b><br>(2)   | P<br>L1  |
| 4.3.4# | $\frac{2334819}{54957764} \times 100\% \quad \checkmark M$ $\approx 4,25\% \quad \checkmark CA$   | 1RT korrekte waardes<br>1M waarskynlikheid as %<br>1CA persentasie<br><b>AO</b><br><b>NPR</b><br>(3)                                  | D<br>L2  |

| Vraag  | Oplossing   | Verduideliking   | Onderw/V |
|--------|---|--|----------|
| 4.3.5# | $\checkmark RT$<br>$674\ 730 : 688\ 118 \quad \checkmark A$<br>$= 337\ 365 : 344\ 059 \quad \checkmark CA$                        | 1RT korrekte waardes<br>1A konsep van verhouding<br>1CA vereenvoudig verhouding<br>(Korrekte eenheidsverhouding maks 2)<br>(3) | D<br>L1  |
| 4.3.6  | $\checkmark RT$<br>$\frac{2\ 498\ 098}{54\ 957\ 764} \times 100\% \quad \checkmark M$<br>$= 4,545486967.. \% \quad \checkmark CA$ | 1RT korrekte waardes<br>1M vermenigvuldig met 100%<br>1CA persentasie<br><b>AO</b><br><b>NPR</b><br>(3)                        | D<br>L2  |
| 4.3.7  | 20–39 $\checkmark \checkmark RT$  | 2RT korrekte ouderdomsgroep<br><br>(2)   | D<br>L1  |
| 4.3.8  | Staafgrafiek <b>OF</b> B $\checkmark \checkmark RT$   | 2RT korrekte tipe grafiek<br><br>(2)   | D<br>L1  |
|        |   | <b>[39]</b>  |          |

| VRAAG 5 [25 punte] |  |  |          |
|--------------------|--|--|----------|
| Vraag              | Oplossing  | Verduideliking   | Onderw/V |
| 5.1.1              | Checkers ✓✓A   | 2A korrekte supermark<br>(2)   | F<br>L1  |
| 5.1.2              | $X = R440,85 - R(19,99 + 7,99 + 14,99 + 89,99 + 46,99 + 15,99 + 9,99 + 31,99 + 19,99 + 25,99 + 76,99 + 19,99 + 23,99 + 17,99)$ $X = R440,85 - R422,86$ $= R17,99 \quad \checkmark CA$  | 1MA optelling/af trekking<br>1CA vereenvoudiging<br><b>AO</b><br>(2)   | F<br>L1  |
| 5.1.3              | Verskil = $R15,99 - R13,50 \quad \checkmark MA$<br>$= R2,49 \quad \checkmark CA$   | 1MA af trek van korrekte waardes<br>1CA vereenvoudiging (aanvaar – R2,49)<br><b>AO</b><br>(2)  | F<br>L1  |
| 5.1.4              | 9 ✓✓A  | [CA van V 5.1.2]<br>2A korrekte getal<br>(2)   | F<br>L1  |
| 5.1.5              | Kool ✓✓A<br>Melk ✓A  | 2A eerste produk<br>1A tweede produk<br>(3)  | F<br>L1  |
| 5.1.6              | Eiers ✓✓A  | 2A produk<br>(2)   | F<br>L1  |
| 5.1.7              | Verskil in prys<br>$\checkmark A \checkmark M \checkmark A \checkmark M$<br>$= R(49,99 - 36) \times 2,5 \quad OF \quad R(49,99 \times 2,5 - 36 \times 2,5)$<br>$= R34,98 \checkmark CA$<br><br><b>OF</b><br><br>Woolworths = $R49,99 \times 2,5 \quad \checkmark M$<br>$= R124,98 \quad \checkmark A$<br><br>P n P = $R36,00 \times 2,5$<br>$= R90,00 \quad \checkmark A$<br><br>Verskil in prys = $R124,98 - R90,00 \quad \checkmark M$<br>$= R34,98 \quad \checkmark CA$ | 2A Korrekte prys<br>1M af trek van prys<br>1M vermenigvuldiging<br>1CA vereenvoudiging<br><br><b>OF</b><br><br>1M vermenigvuldiging met korrekte prys<br>1A vereenvoudiging<br><br>1A vereenvoudiging<br><br>1M af trek van prys<br>1CA vereenvoudiging<br>(5) | F<br>L2  |

| Vraag | Oplossing   | Verduideliking  | Onderw/V   |
|-------|---|---|------------|
| 5.2.1 | Checkers ✓✓A  | 2A korrekte onderneming<br>(2)  | F<br>L1    |
| 5.2.2 | ✓✓A<br>Woolworths <b>OF</b> PnP ✓✓A   | 2A korrekte onderneming<br>(2)  | F<br>L1    |
| 5.2.3 | $\begin{aligned} & \checkmark A \\ & \text{Verskil } = R 479,44 - R 208,74 \quad \checkmark M \\ & \qquad\qquad\qquad = R 270,70 \quad \checkmark CA \\ & \qquad\qquad\qquad \textbf{OF} \\ & \qquad\qquad\qquad \checkmark A \\ & \text{Verskil } = R 453,06 - R 208,74 \quad \checkmark M \\ & \qquad\qquad\qquad = R 244,32 \quad \checkmark CA \end{aligned}$ | 1A korrekte waardes<br>1M aftrekking<br>1CA vereenvoudiging<br><b>OF</b><br>1A korrekte waardes<br>1M aftrekking<br>1CA vereenvoudiging<br><b>AO</b><br>(3) | F<br>L1    |
|       |   | [25]  | TOTAAL 150 |

# PolyMathic

## Vraestel 4

## Okt/Nov

## Eksamens

# 3!4+pwk|od

# Totaal: 150

## Tyd: 3 ure

### VRAAG 1

1.1

Audrey het op 1 Februarie 2015 'n stokvel begin om vir die Desembervakansie te spaar. Sy het 21 vriende genooi om by die stokvel aan te sluit. Die doel was om ná 2015 met die stokvel voort te gaan.

Riglyne vir hierdie stokvel:

- 'n Bankrekening moet oopgemaak word en alle gelde ingevorder moet op die 7<sup>de</sup> van elke maand gedeponeer word.
- Die geld om aanvanklik by die stokvel aan te sluit, is R250 per lid. Hierdie aanvanklike aansluitingsgeld is nie terugbetaalbaar nie en sal gebruik word om in die toekoms met die stokvel voort te gaan.
- Die maandelikse bydrae van elke lid is R400 en dit is op die 1<sup>ste</sup> dag van elke maand betaalbaar.
- Lede wat ná die 7<sup>de</sup> van 'n maand betaal, moet 'n boete van 4,75% van die maandelikse bydrae bykomend tot die maandelikse bydrae betaal.
- Elke lid sal op 20 Desember 2015 'n gelyke (ewe groot) bedrag van die spaargeld in die rekening betaal word, uitgesluit die aansluitingsgeld, wat in die stokvelrekening gehou sal word.

Alle lede het gedurende die eerste vergadering hul aanvanklike aansluitingsgeld en eerste maandelikse bydrae betaal.

1.1.1 Bepaal die totale bedrag wat ná die eerste vergadering in die bankrekening gedeponeer is. (3)

1.1.2 Lena, 'n lid van die stokvel, het nie teen die 7<sup>de</sup> haar maandelikse bydrae vir Julie betaal nie.

Bereken die totale bedrag wat Lena op 13 Julie moes betaal toe sy haar maandelikse bydrae gemaak het. (3)

1.1.3 Die totale bedrag in die stokvelrekening op 20 Desember 2015 was R110 614,84.

Bereken die gelyke (ewe groot) bedrag wat elke lid op 20 Desember 2015 ontvang het as daar aanvaar word dat al die lede al hulle maandelikse bydraes betaal het. (4)

- 1.2 Mev. Mdluli besit vakansiekothuise langs die see wat ten volle gemeubileer is. Sy moet die yskaste in 12 van die kothuise vervang en kry 'n kwotasie by 'n meubelwinkel wat finansiering verskaf. Sy dui aan dat sy 'n deposito sal betaal en stem in dat die verlengde waarborg, afleweringsgeld en aanvangsgeld as deel van die kwotasie ingesluit word.
- BYLAE A toon die kwotasie wat sy van R&F Finansiering ontvang het. Party van die bedrae op die kwotasie is uitgelaat.
- Gebruik BYLAE A om die volgende vrae te beantwoord.
- 1.2.1 Bepaal die ontbrekende waarde **A**. (2)
  - 1.2.2 Toon hoe die totale waarde van die goedere van R145 787,88 bereken is. (2)
  - 1.2.3 Bereken die persentasie deposito wat betaal moet word. (3)
  - 1.2.4 Bereken die totale bedrag BTW wat by die prys vir AL die yskaste ingesluit is. (3)
  - 1.2.5 Definieer die term *rente* in hierdie konteks. (2)
  - 1.2.6 R&F Finansiering hef enkelvoudige rente op hul finansieringstransaksies.  
Toon aan hoe die bedrag rente van R40 326,29 bereken is. (3)
  - 1.2.7 Bereken die ontbrekende waarde **B**. (3)
  - 1.2.8 Maak 'n lys van AL die ekstra koste wat nie by hierdie kwotasie ingesluit is nie. (3)
  - 1.2.9 Bereken die ontbrekende waarde **C**. (3)


[34]

## VRAAG 2


2.1

Justin het 'n besering wat hom noedsaak om 'n ruk lank 'n rolstoel te gebruik. Hy gebruik die diagramme hieronder om sekere afmetings van die rolstoel te bepaal.

**Syaansig van die rolstoel**



**Vooraansig van die rolstoel**



[Bron: [1800wheelchair.com](http://1800wheelchair.com)]

Gebruik die diagramme hierbo om die volgende vrae te beantwoord.

- 2.1.1 Die buitemiddellyn van die groot wiel is 54% van die lengte van die rolstoel.

Bepaal die lengte van die buitemiddellyn (tot die naaste mm afgerond) van die groot wiel. (4)


2.1.2

Die groot wiel het 24 silindriese speke (wat ewe ver van mekaar gespasieer is) wat aan die velling ('rim') geheg is, soos in die skets langsaan getoon.

Die middellyn van elke speek is 2 mm.

Die binnemiddellyn van die velling is 584 mm.

**Prent van die groot wiel**



Bereken hoe ver die wielspeke op die velling van mekaar gespasieer is.

Jy kan die volgende formule gebruik:

$$\text{Omtrek van 'n sirkel} = \pi \times \text{deursnee} \quad \text{gebruik } \pi = 3,142 \quad (6)$$

2.1.3

Die opening van een van die ingange in Justin se huis is 750 mm wyd.

Bepaal, deur ALLE bewerkings te toon, hoe wyd (in mm) die beskikbare gaping aan weerskante van die rolstoel is as die rolstoel presies in die middel van die ingang deurbeweeg. (4)

2.2


Die ingang van 'n museum word in die foto en diagram hieronder getoon. Dit het twee identiese deure wat vir die maklike vloei van mense oopgemaak kan word.

Die deure het glaspaneelinsetsels, in die vorm van reghoeke en kwartsirkels, wat in 'n houtraam vasgesit is, soos in die foto en diagram hieronder getoon.

Foto van die ingang



Diagram van die deure



Afmetings in mm:

$$\begin{array}{lll} a = 80 & b = 640 & c = 95 \\ d = 220 & e = \dots & f = 2\ 485 \end{array}$$

Jy kan die volgende formules gebruik:

Oppervlakte van 'n reghoek = lengte  $\times$  breedte

Oppervlakte van 'n sirkel =  $\pi \times (\text{radius})^2$  gebruik  $\pi = 3,142$

Digtheid van glas =  $\frac{\text{massa in gram}}{\text{volume in cm}^3}$

Gebruik die diagram hierbo om die volgende vrae te beantwoord.

2.2.1 Bepaal die totale breedte, in meter, van die twee deure. (3)

2.2.2 Bereken die waarde van  $e$ , die lengte van die reghoekige glaspaneelinsetsels. (4)

2.2.3 Bereken die totale oppervlakte (in  $\text{mm}^2$ ) van AL die glaspaneelinsetsels. (6)

2.2.4 Die totale volume van die glaspanele is  $15\ 985,408 \text{ cm}^3$  en die digtheid van glas is  $2,5 \text{ g/cm}^3$ . Bereken (in kg) die totale massa van die glaspanele. (4)  
[31]

### VRAAG 3

3.1 Gonzales woon in Mission Valley en ry met die bus na sy werkplek by die Mission Valley Polisiedepartement.

BYLAE B toon 'n roetekaart vir die Mission Valley Oorstapsentrum-bus.

Die busroete is soos volg:

- Begin by die Mission Valley Oorstapsentrum in George Dieterstraat.
- Hou padlangs met George Dieterstraat.
- Draai in Montanastraat in en draai dan weer in Turnerstraat in (vorm 'n lus).
- Gaan terug met George Dieterstraat.
- Draai in Socorrostraat in en draai dan weer in Zaragozastraat in (vorm 'n lus).
- Eindig by die Mission Valley Oorstapsentrum in George Dieterstraat.

BYLAE C toon 'n rooster van die Mission Valley Oorstapsentrum-bus. Die rooster dui die tyd aan wanneer die bus gewoonlik die verskillende bushaltes verlaat.

Gebruik die roetekaart (BYLAE B) en die rooster (BYLAE C) om die volgende vrae te beantwoord.

- 3.1.1 Noem die bushalte wat die naaste aan Gonzales se werkplek is. (2)
- 3.1.2 Gee die algemene rigting van 'n bus wat in Turnerstraat ry. (2)
- 3.1.3 Tussen watter TWEE bushaltes kruis die roete slegs EEN straat? (2)
- 3.1.4 Bepaal hoe lank dit 'n bus sal neem om 'n heen-en-terug-rit te voltooi as dit om 17:55 van die Mission Valley Oorstapsentrum vertrek. (2)
